

BOEKBESPREKINGS/BOOK REVIEWS

Suidelike Afrika/Southern Africa

J G FRASER en JAMES BRIGGS, *Sotho War diaries, 1864—1865*, (Vrijstatia 3), (geredigeer deur Karel Schoeman), Human & Rousseau, Kaapstad en Pretoria, 1985, 118 pp., R19,95 (eksclusief).

Soos uit die titel blyk, dek hierdie bronnekpublikasie 'n gedeelte van die wapenstryd tussen die Oranje-Vrystaat en Basoetoland in die vorige eeu. Dit is die derde in die *Vrijstatia*-reeks wat omstreeks 1982 sy beslag gekry het, en net soos in die geval van die vorige twee publikasies (die Sophie Leviseur-memoires en 'n Afrikaanse vertaling van Samuel Rolland se biografie), was die romanskrywer Karel Schoeman weer vir die redaksionele versorging verantwoordelik. Sodoende het hy opnuut bewys dat hy sy reputasie as yweraar vir die Vrystaatse geskiedenis en as produktiewe navorser waardig is.

John George Fraser wie se verslag van gebeure eerste weergegee word, het in later jare 'n bekende openbare figuyer in die destydse Boererepubliek geword. Sy dagboekinskrywings strek oor twee periodes: die eerste van 16 Desember 1864 tot 12 Januarie 1865 toe hy bevelvoerder was van 'n groepie Philippolis-vrywilligers wat patrolliediens langs die grens met Basoetoland verrig het, en die volgende deel vanaf 3 Mei tot 4 Oktober 1865 toe Fraser as veldkornet vir Philippolis aan die tweede Basoeto-oorlog deelgeneem het.

Die ander dagboekskrywer, James Briggs, was 'n Britse offisier (van die 96th Foot) en avonturier wat in Maart 1865 in Oos-Londen geland en daarna op 'n jagtog na die Vrystaat vertrek het. Met die uitbreek van die Basoeto-oorlog het hy huis in die omgewing van Bloemfontein gejag; hy het hom toe onverwyd by die kommando onder genl. J.I.J. Fick gaan aansluit en vir ongeveer drie weke daar vertoeft. Sy dagboek-aantekeninge (17 April tot 21 Junie 1865) beeld nie net sy wedervaringe gedurende hierdie tyd uit nie maar ook die voorafgaande reis van Grahamstad na Bloemfontein en sy latere terugtoeg na die Kaapkolonie.

Inhoudelik is die Fraser-geskryf maar redelik skraal en oppervlakkig. By die eerste gedeelte (tot bladsy 43) ontbreek dit feitlik aan enige aksie — omdat oorlog toe nog nie verklaar was nie — en kan die inskrywings selfs as prosaies bestempel word. Sy optrede en waarnemings tydens die oorlog self word plek-plek ook uiters bondig en kripties geskets, ofskoon dit van groter waarde is as sy relaas van die vooroorlogse fase (Desember 1864 tot Januarie 1865). Op sy beurt het Briggs weliswaar ook betreklik min oor die oorlog gerapporteer; niemand word die inskrywings in sy dagboek deur 'n groter aktualiteit en volledigheid as in John Fraser s'n gekenmerk. Trouens, Briggs se onbevange en kritiese benadering verleen aan hom 'n geloofwaardigheid wat nie bloot daaruit voortspruit dat hy 'n nie-Vrystater (én 'n Brit) was nie!

Uit albei dagboekte spreek die gebrek aan dissipline, organisasie en samehorigheid by die Boerekommando's. Eiebelang, koppigheid en 'n oordrewe onafhanklikheidsin by talle Vrystaters is maar 'n paar eienskappe wat Fraser en Briggs dikwels aangemerkt het. Soms het hulle ook nie geskroom om kaalvuis onder die Boere in te klim nie (vergelyk p. 26: "a lot of ignorant, unenergetic, illiterate animals ... the most uncouth, ugly varmints of all ..."), en p. 94: "I consider many of the Boers as great savages as the Kaffirs ...").

'n Pluspunt van hierdie publikasie is die blik wat dit op die 19de eeuse kommandolewe werp — die hungerly, ontberinge, eensaamheid, kameraadskap en dapperheid maar ook die vrees, lafhartigheid en kleingelowigheid wat immers skering en inslag is by diegene wat hulle in abnormale omstandighede bevind en op eg-menslike wyse daarop reageer. Verder bevat die dagboekte ook inligting wat nie algemeen in literatuur en selfs wetenskaplike studies voorkom nie. Die slag by Verkeerdevlei (29 Junie 1865) word byvoorbeeld nog-al breedvoerig deur sowel Fraser as Briggs beskryf en hul ooggetuieverslae stem in baie opsigte ooreen. Tog verstrek hulle ook teenstrydigheids statistiek en ander besonderhede wat nie deur die redakteur verduidelik of uit ander bronne geverifieer word nie (vergelyk pp. 47—48 en 93—94).

Hierdeur word sommer 'n leemte in Schoeman se redaksionele arbeid blootgelê, naamlik sy versuim om persone, plekke en gebeure deurgaans te identifiseer of in behoorlike perspektief te plaas. Hy verstrek wel in die inleiding (pp. 7—14) sekere basiese agtergrond tot die onderwerp en gee in voetnote 'n uiteenstelling of verklaring ten opsigte van sekere eie- en plekname of voorvalle (wat slegs vaagweg deur die dagboekskrywers vermeld word). Dog hierdie beleid word nie konsekwent deurgevoer nie want oor 'n klomp name en plekke moet die leser maar bly gis omdat die redakteur dit nie toegelig het nie.

Maar die vernamaaste kritiek kan egter ingebring word teen die feit dat groot gedeeltes in hierdie publikasie hoëgenaand nie op die onderwerp betrekking het nie. Met die titel van die werk in gedagte, behoort Briggs se reis na die Vrystaat (pp. 73—84) nie hier opgeneem te gewees het nie. Dit hou eerstens glad nie verband met die Vrystaat nie (tog 'n uitdruklike doelstelling van die *Vrijstatia*-reeks) en bevat boonop geen inligting oor of verwysing na die tweede Basoeto-oorlog nie (die eerste relevante inskrywing is op p. 88). Briggs se aktiwiteite sedert sy vertrek van die front (p. 96) en sy aankoms in Grahamstad teen einde Julie 1865 (p. 106) kan streng gespouse ook nie met die tema van die publikasie in verband gebring word nie; diesselfde geld vir die twee bylaes (pp. 108—112). Die uittreksel uit Fraser se outobiografie (*Episodes in my life*) wat ingesluit word om sy dagboek-aantekeninge aan te vul, is insgelyks nie in ooreenstemming met die verklaarde beleid om in die *Vrijstatia*-reeks eintlik net vertalings te publiseer van boeke wat nie in Afrikaans of Engels beskikbaar is nie.

Met inagneming van bogenoemde en ná 'n indringender ontleding van die inhoud kom 'n mens tot die gevolg trekking dat minder as 'n derde daarvan (36 van die 94 bladsye), met uitsondering van die inleiding, bronnelys en register, direk op die Basoeto-oorlog van 1865 betrekking het. (Die eerste gedeelte van die Fraser-dagboek behandel die tydperk vóór die uitbreek van daardie oorlog sodat dit in werklikheid nie met die tema verband hou nie). Van die genoemde 36 bladsye is 13 bowendien 'n fragment uit Fraser se reeds verskene lewensgeskiedenis.

Die leser en navorsers wat hierdie publikasie ter hand neem, kan dus tereg voel dat hy mislei word. Waar uiteindelik net sowat 'n kwart van 'n publikasie werklik met die tema (titel) in verband staan en die res as irrelevante of reeds gepubliseerde inligting aangebied word, bestaan tog nie sonder rede so 'n gevoel van verongelyking nie!

Dit is jammer dat besware van dié aard teen 'n andersins netjiese en verdienstelike werk geopper moet word. Want Karel Schoeman het al ruim bygedra om die kennis van die Vrystaatse verlede te verbreed, soos die vorige twee publikasies in die *Vrijstatia*-reeks ook getuig. Daarom word met belangstelling uitgesien na verdere publikasies in hierdie reeks wat gewis wye steun en waardering verdien.

C C ELOFF
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

D E SMIT (red.), *Bibliografie van Anonieme en Pseudonieme Werke uit 'n Suid-Afrikaanse Bibliografie tot die jaar 1925*, Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad, 1983, 126 pp, indeks, prys onvermeld.

SCHOEMAN, K (red.), *Bibliografie van die Oranje-Vrystaat tot 31 Mei 1910*. Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad, 1984, 226 pp, indeks, prys onvermeld.

Bibliografieë is van die belangrikste hulpmiddels wat historici tot hulle beskikking het om die spreekwoordlike kortpad na verlangde inligting aan te du. Dit is daarom van pas dat die verskyning van nuwe bibliografieë met akklamasie verwelkom word. Die personeel van die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad verdien met gereeld tussenposes 'n pluimpie van die navorsers se kant af wanneer nuwe toevoegings tot die reeks Grey-Bibliografieë op hulle inisiatief gepubliseer word. Dieselfde geld vir die samestellers, in hierdie geval Smit en Schoeman, wie se bibliografieë respektiewelik nommers 11 en 18 in die gemelde reeks is.

In die *Bibliografie van Anonieme en Pseudonieme Werke* word 1 708 publikasies gelys, alfabeties onder hulle titels, gevolg deur skuinname (waar van toepassing), die werklike name van die outeurs (wat by ongeveer 500 werke nie gevind kon word nie) en die bronne waar die inligting verkry is. Die bibliografie word afgesluit met 'n alfabetiese register van anonieme en pseudonieme. Die oorgrote meerderheid van die inskrywings het oorspronklik in 'n *Suid-Afrikaanse Bibliografie tot die jaar 1925 (SABIB)* verskyn, maar met minder besonderhede oor die outeurs as wat nou die geval is.

Wat die onderwerpe in hierdie bibliografie betref, wissel dit van die politieke pamphlette, soos 'n *Vriendelike woord aan die Zappe/deur 'n paddastoel*, uit 1916, tot teologiese geskrifte soos *A scripture catechism, historical and doctrinal, with copious references*, uit 1847; dagboeke soos *Diary of a shooting trip in South Africa, 1896*; militêre geskrifte soos *The Defence of Duffer's Drift: a few experiences in field defence for detached posts which may prove useful in our next war*, uit 1904; en publikasies van belang vir die sporthistorikus, soos *The Book of the English Rugby Football Team in South Africa, 1896: portraits and biographies*. Dit sal as naslaanwerk van onskatbare waarde wees vir navorsers oor feitlik enige terrein of onderwerp in die Suid-Afrikaanse geskiedenis voor 1925.

Karel Schoeman se *Bibliografie van die Oranje-Vrystaat tot 31 Mei 1910* bevat meer as 2 500 titels wat, soos die titel aandui, almal met die gemelde geografiese gebied te doen het en hulle oorsprong voor Uniewording gehad het. In die inleiding word daarop aanspraak gemaak dat vier-vyfdes van die bronne deur die Suid-Afrikaanse Biblioteek besit word. Schoeman, die hoof van die Bibliografiese Afdeling van die biblioteek, het gedurende die afgeloop aantal jare 'n hele aantal boeke en artikels oor die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat die lig laat sien. Hy het hierdie bibliografie aanvanklik as 'n privaatprojek aangepak en dit is dan ook die direkte gevolg van sy belangstelling in en kennis van die onderwerp.

Schoeman self verduidelik in sy voorwoord dat die bibliografie so 'n wye terrein doenlik dek en dat alle moontlike bronne nagegaan is "ten einde die ontwikkeling van die Oranje-Vrystaat sedert die vroeëste tye in al sy volheid en verskeidenheid te probeer weergee." Hy spreek voorts die hoop uit dat die bibliografie nie net 'n hulpmiddel sal wees nie, maar ook as stimulus vir navorsing oor die Oranje-Vrystaat sal dien. Hierdie resensent wil voorspel dat sy hoop nie beskaam sal word nie. Die bibliografie vul as hulpmiddel 'n leemte, want die vorige soortgelyke werk oor die Oranje-Vrystaat het dertig jaar gelede verskyn en minder as 600 inskrywings bevat. Studente en navorsers se weg na gepubliseerde werke oor die vroeë geskiedenis van

die Oranje-Vrystaat is nou meer bekombaar as ooit: 'n feit wat noodwendig daardie geskiedenis meer toe-ganklik maak.

Die bronne in die *Bibliografie van die Oranje-Vrystaat tot 31 Mei 1910* is nie bloot alfabeties gelys nie, maar onder onderwerpe gerangskik. Daar is twaalf seksies waarvan een, naamlik Geskiedenis, in nege subseksies verdeel is. Elkeen van die seksies en subseksies is op hulle beurt verder onderverdeel. Die bibliografie is voorts van 'n omvattende indeks voorsien, wat naslaanwerk aansienlik vergemaklik. Aangesien die indeks buiten outeurs en plekname net inskrywings in Engels bevat, is daar 'n bylae toegevoeg waarin 'n vertalende lys Afrikaans/Engelse onderwerphoofde opgeneem is.

Beide bibliografieë is in slapbandvorm gebind met twee kolomme op elke bladsy. Die relatief groot bladsye (22 by 26 sentimeter) maak die boeke onnodig moeilik om te hanteer en die tikskef is kleinerig en die helderheid daarvan wisselend. Aan die ander kant is daar weinig tikfoute en is die boeke nie veronderstel om glanspublikasies te wees nie, maar naslaanwerke len daar is sekerlik gepoog om die publikasiekoste so laag as moontlik te hou. Die Suid-Afrikaanse Biblioteek moet gelukgewens word met hierdie belangrike byvoegings tot die bibliografieë oor die Suid-Afrikaanse verlede.

JACKIE GROBLER
Universiteit van Pretoria

P WARWICK, *Black People and the South African War, 1899—1902*. Cambridge University Press, Cambridge, 1983.

The number of publications which continue to appear on the Anglo-Boer war of 1899—1902, may very well raise the question whether historians are not investing too much time and energy in a single episode of three years, at the risk of excluding much else of vital interest in South African history. However valid such a question may be, it is nevertheless true that the events of 1899—1902 formed and to some extent moulded Afrikaner consciousness during the 20th century, and to some degree also proved to be the turning point in the tide of British imperialism. Moreover, it is only fairly recently that the historiography of the Anglo-Boer war has moved beyond a preoccupation with military concerns, to a more wide-ranging socio-economic analysis of the conflict. This departure has contributed to a deeper understanding of the significance of the war in the development of the modern capitalist apartheid state in South Africa. It has also inclined scholars to look at 'history from below', the experiences of ordinary people in the war, as opposed to a preoccupation with the generals and statesmen who commanded the centre of the stage. The shift in emphasis has had a further salutary effect in that historians have at long last been alerted to the presence of South Africa's black majority in the conflict.

Whereas the historian, Donald Denoon, could legitimately complain in 1972 that the published literature on the war only portrayed Africans as an 'animated geographical background', the situation had improved somewhat by 1977 when prof. S.B. Spies' meticulous analysis of wartime policy towards white as well as black civilians in the Boer republics was published. However, the nature of Spies' work was such that it only dealt with Africans as an aspect of a broader theme, and there was still ample room for a study which focussed exclusively on the multifarious dimensions of the African experience during the war. Thus when Dr Warwick, in the book under review, embarked on his research he ventured into largely, though not wholly, uncharted territory.

The book is substantially based on the author's Ph.D. thesis presented at the University of York in 1978, but unlike some other theses which appear in print it is easily digestible and exceptionally well written. Underpinning the lucid presentation is an impressive body of research, ranging from a vast array of secondary literature through to numerous archival holdings in Great Britain, South Africa, Lesotho and Botswana. It is difficult to fault the author on his research, but he could perhaps have referred to the corpus of literature which has recently appeared on 'war and society' in Africa, which would have enabled him to relate his own work to the wider scholarship in the field. Though this is a minor point of criticism, Warwick's work would nonetheless have been enhanced by considering this aspect.

The conceptualization of any pioneering work is fraught with difficulties, but Warwick has succeeded admirably in dealing with a variety of themes. He first sets out to demolish for once and all the traditional myth of a 'white mans' war in which Africans featured as mere spectators, and then proceeds with an extensive survey of the effect of the war on different African communities, notably the Kgatla, Ngwato, Sotho, Zulu, Pedi and Swazi. Although a certain amount of repetition is perhaps inevitable in such an approach, it nevertheless does justice to the societies concerned and clearly demonstrates the differential impact of the war as well as the various ways in which each community responded to the rapidly changing socio-economic conditions and the more fluid political situation which the war engendered. In dealing with those aspects the author unobtrusively displays a thorough understanding of the nature and history of each community which enables him to assess wartime changes with convincing assurance.

In addition he has systematically analysed the way in which the lives and livelihood of African peasants were affected by the war. The devastation caused by the British 'scorched earth' policy and the constant harassment of Republican commandos in certain areas to supplement their dwindling supplies, drove many peasants into wage employment. However, other peasants in less affected areas were actually able to increase crop production — in some cases by occupying deserted white farms — and benefit from the inflated prices of the wartime market. What is significant however, is that such prosperity as certain peasant cultivators enjoyed was steadily eroded by the expansion of white commercial farming and by government policy during the post-war years.

The war also had a profound effect on African labourers. With the disruption of the migrant labour system numerous destitute workers left the urban centres to return to underdeveloped rural areas where they could hardly scratch a living from the soil. In some impoverished and overpopulated areas the problem was compounded by harvest failures and with the increasing pressure of returning migrants on the land, famine conditions rapidly developed. Often the only escape route was to seek military employment; during the war the British employed approximately 100 000 blacks mainly, though by no means exclusively, non-combatant capacities, and probably the majority of these enrolled because of the desperate circumstances in which they found themselves. The general demand for labour increased considerably during the war; not only in the military sphere, but also on the railways, at the sea ports, and in the construction and manufacturing sectors in the colonies. This brought about a modest upswing in black wage earnings, but as the author points out, it is debatable in the light of inflated wartime prices whether African workers actually experienced a significant increase in real wages.

In his chapter on African concentration camps Warwick starkly reveals the largely untold miseries experienced by inmates of these hastily prepared and ill-organised camps. Although Spies in his work on civilians in the war, was first to draw pertinent attention to the existence of African camps, the purpose of these 66 camps, which also served as labour depots, and the hardships experienced by the approximate 116 000 refugees have never been fully documented. It is clear that as bad as the conditions in the white concentration camps undoubtedly were, in certain African camps they were decidedly worse. The amelioration of the plight of African refugees took second place to that of whites and it was not until March 1902 that the abnormally high death rate amongst blacks was brought under control. Although it is pointless to compare human suffering, the author's work on African refugees serves as a healthy antidote to the selective historical consciousness of those Afrikaners who delude themselves in thinking that Boer women and children were the only ones to suffer and die in the notorious camps. In this respect the brunt of the war fell on Afrikaners and Africans alike.

In dealing with the aftermath of the war, Warwick also breaks considerable new ground by focussing on African unrest in the countryside and the goldmining industry. Rural unrest was mainly related to white demands for farm labour, disputes over access to lands which Africans had cultivated in the absence of white landlords and differences over the legal ownership of cattle which blacks had acquired during the war. On the gold-mines wage reductions resulted in a serious labour shortage and a series of strikes which, in part, can be attributed to a greater wage consciousness developed by African workers during the conflict. Furthermore, the post-war settlement sadly disillusioned the educated African elite. From the outbreak of war they had fondly hoped to benefit from a British victory, but the terms of the Peace of Vereeniging and the calculated indifference of the subsequent British administration, in certain respects even the intensification of discriminatory legislation, dispelled such optimism. This in turn led to an upsurge in formal political activity and various African organisations mushroomed during the reconstruction period in the hope of influencing official decision-making. The formation of these organisations formed the background to the eventual establishment of the South African Native National Congress in 1912.

Perhaps the greatest strength of this book is its wide scope and the author's masterly synthesis of often disparate themes. This is evident throughout the work and particularly in the concluding chapter where the importance of the African dimension in the conflict is carefully assessed, while the more salient effects of the war on the black population are skillfully interlinked with the underlying structural features of society. However, the measure of good scholarship is not only the revelation of fresh perspectives, but also the generation of additional problems.

Because the author has worked on such a wide canvas, he has touched upon certain issues which remain to be examined in greater depth. For instance, one can frame a new set of questions concerning the nature of the relationship between Republican burghers and the not inconsiderable number of *agterryers* who accompanied them on commando. As Warwick points out, the blacks who assisted the Boers were often brutally compelled to do so, but one can assume there were also those who were not forcibly commandeered. The contemporary literature on the Boer side presents the latter group in paternalistic terms as loyal and devoted servants, but the dynamics of the relationship need to be further explored — perhaps with reference to pre-war labour arrangements on white farms and the leverage which landlords possessed to regulate the lives of their tenants — before this rather stereotyped explanation can be accepted. There is, moreover,

also room for a useful comparison of the way in which the eventual outlook of the blacks who had served with the Boers, differed from those who had been in British military employment. Furthermore, and perhaps of greater importance, African responses to the hardships of war can be probed to a greater extent. How did they adjust and what were the scars left by the ordeal and deprivations of war? And on a longer term to what degree, if any, was the suffering of the Anglo-Boer war woven into the fabric of African political consciousness? In addition, while Warwick's exposition of black elite perceptions of the issues involved in the war is very informative, the way in which these same issues impinged on the consciousness of the African working classes and peasants are only occasionally referred to.

Although this book will probably not be the last on Blacks and the Anglo-Boer War, it is certainly an excellent beginning and is an outstanding achievement in its own right. With this major publication and the author's previous editorship of a collection of essays on the war, he has left an indelible mark on South African historiography and on the studies of the Anglo-Boer war in particular. *Black People and the South African War* deserves a wide readership and though the Cambridge University Press price of R55 may deter some prospective buyers, a much cheaper Ravan press edition (approximately R13) is in the offing.

ALBERT GRUNDLINGH
University of South Africa

D VAN ARKEL, G C QUISPTEL en R J ROSS, *Een onderzoek naar de wortels van "die blanke baaskap" in Zuid-Afrika*. Cahiers Sociale Geschiedenis 4-1983.

Aan het einde van het tweede hoofdstuk: "Hypothese" staat het eigenlijke doel van dit 70 bladzijden tellende geschrift: ... "aangegeven zal moeten worden, waarom in Zuid-Afrika racisme, niet als bij antisemitisme een systeem van vervolging en massamoord werd, maar een systeem van uitbuiting, dat 'ras' en 'klasse' deed samenvallen" ...

Hieraan gaan een inleiding en een tweetal bladzijden wiskunde-formules vooraf.

En ter introductie een pericoop uit de gelijkenis van de eigenaar van de wijngaard en een tekst uit Jesaja, beide uit de Statenvertaling. Het is niet moeilijk om alleen op grond van deze gegevens de inhoud van het boekje verdacht te maken. Niet zozeer als Zuid-Afrika-onvriendelijk, maar meer als wetenschap-onvriendelijk.

Wanneer van Arkel het hoofdstuk "Hypothese" heeft geschreven, is het mij volkomen onduidelijk dat een historicus, die zich bovendien maatschappelijk engageert met het anti-semitisme, in de valkuil anti-judaïsme-antisemitisme is gevallen en tengevolge daarvan twee ongelijke, ook in historisch opzicht, grootheden heeft geïdentificeerd. Om deze ontsporing goed te maken, helpen geen wiskunde-formules, nog afgezien van het feit dat ze historisch duidelijk niet werken. Dit bewijzen volgende bladzijden, waarin herhaaldelijk staat "de veronderstelling impliceert ..." , "het meest waarschijnlijk" ... of woorden van gelijke strekking. Stel je voor dat we met veronderstellingen onze weg naar de maan hadden moeten vinden!

Mijn qualificatie wil ik toelichten. De term antisemitisme werd ruim honderd jaar geleden voor het eerst gebezigd. Aan de basis hiervan lag o.a. de suppositie over het joodse volk als ethnische entiteit ten grondslag. Het na de Franse revolutie in Europa opkomend nationalisme was zeker niet vreemd aan dit gedachtengoed.

Wie het Oude Testament heeft gelezen en kennis heeft genomen van de volkerenbewegingen in het midden-oosten en rond de Middellandsche Zee, kan en moet weten dat er al lang geen semitisch volk als genetische entiteit (meer) is. Antisemitisme als uiting van racisme is, sensu stricti, zelfs onbestaanbaar. Het conflict is, ten principale (en dat geven de schrijvers ook aan), religieus. Namelijk tussen Joden en Christenen resp. Moslims. Omdat alle drie — simpel gezegd — op de gehele mens beslag leggen en derhalve elkanders concurrenten zijn. En het zijn de Joden die van deze drie hun religieuze apartheid het langst en best hebben bewaard (vergelijk de Falasha's) en op grond van Jahwe's belofte ook zullen bewaren. Zij zijn Gods volk.

De maatschappelijke problematiek in Zuid-Afrika is, vergeleken met de historie van het anti-judaïsme, een jong verschijnsel en, naar mijn mening, uit een geheel andere bron ontstaan. Het is om deze redenen dat anti-judaïsme en apartheid a priori onvergelijkbare grootheden zijn en er vanuit de een naar de ander nauwelijks iets kan worden "aangegeven". Natuurlijk zijn er overeenkomsten. Beide zijn immers mensenwerk. Zoals wanneer ik moet gappen. Een formeel gelijk gebaar tengevolge van verveling, koude, slaap of honger. Maar wie mijn gappen duidt, heeft een grote kans de plank mis te slaan (in een foute stigmatisatie te gaan).

Het hoofdstuk over het verloop van het anti-judaïsme (gecomprimeerd tot enkele bladzijden) is onzorgvuldig en is er voor mijn gevoel met de haren bijgesleept. Het bevat bovendien een aantal onjuistheden. Het anti-judaïsme is nooit als spontane beweging vanuit de basis ontstaan. In Nicea (325) werden de eerste zetten tot discriminatie vanuit het christendom door de leiding gedaan.

Het anti-judaïsch aspect van de inquisitie, kruistochten, nationaal-socialisme, communisme, arabisme, enz. is en wordt van bovenaf gedirigeerd. De bases worden gemanipuleerd, inspelend op gevoelens. De stigmatisatie van joden is voor een belangrijk deel een gevolg van hun gehoorzaamheid aan religieuze voorschriften, getto-vorming niet in de eerste plaats een bijeengedreven zijn, maar eerder een bijeen zijn om religieuze plichten — al of niet in een vijandelijke omgeving — gemakkelijker te kunnen vervullen.

Wel zeker waren er adellijken en hoge regeringsfunctionarissen door alle tijden die de joodse gods-dienst ongestoord beleden. En er zijn meerdere christen kerkelijke leiders die tot het joodse geloof zijn overgegaan.

Luther werd pas anti-joods nadat hem was gebleken dat zijn reformatorische visie bij de joden geen weerklank vond — zulks in tegenstelling tot wat hij had gehoopt.

Haroen al Rashid's opvolger stigmatiserde christenen en joden tegelijkertijd en op identieke wijze. Ens., enz.

Met een zodanig wankele wetenschappelijke inleiding verliest de verdere inhoud van het geschrift dan ook op voorhand zijn geloofwaardigheid.

Schrijvers gaan, voor het verstaan van de huidige situatie in Z.A., terug naar de pre-industriële fase. Komen dan — uiteraard — historisch en geografisch in de Kaapprovincie terecht. Hieraan wordt veel aandacht besteed vanuit een aanzienlijke feitenkennis. Deze is gecomprimeerd in lange, vaak moeilijk leesbare, zinnen en biedt weinig nieuwe gezichtspunten. Zoals we al wisten: de onderlinge verhoudingen werden na het aan wal gaan van Riebeek bepaald door economische motieven en het maatschappelijk gebeuren was in een vroeg stadium afhankelijk van het werk van slaven. Wezenlijk veranderde er in de loop der tijden in de onderlinge verhoudingen — in kwalitatieve zin — weinig. Nadat de Engelsen de Kaap definitief in handen kregen gingen de scherpe kantjes er wel af. Aan de basis van deze ontwikkelingen ligt het West-Europese superioriteitsgevoel ten grondslag. Later, toen de kolonisten zich naar het oosten en noorden verspreiden, werd deze instelling ideologisch opgevuld. Tot zover geen nieuws. Bij het afwegen van mogelijke invloeden uit de onderscheiden sectoren van het economisch leven op de distributie van de gekleurde arbeid, krijgt de wolindustrie een belangrijker rol dan die aan de agrarische resp. wijnindustrie toegedeeld. Voor mij een nieuw gezichtspunt. Mijn simpele gedachte is dat arbeidskrachten daarheen gaan waar voor hun inzet het meeste wordt betaald. Een arbeidscontrole omstreeks 1830 wordt door de schrijvers, tegengesteld aan deze visie, als een voor mijn gevoel argument "pour besoin" gesuggereerd (blz. 41). Kenelijk waren ongeveer honderd jaar later de verhoudingen tussen de opbrengsten van het land in de Kaap-provincie totaal veranderd (Giliomee). Voorts is in het boekje geen poging ondernomen de ontwikkeling van segratatie naar apartheid door te lichten, nog minder iets te hebben aangegeven over de ontwikkeling van het Afrikaander nationalisme. Hierbij wil ik het laten.

De conclusie van de schrijvers begint met de vraag: "Hoe kan, bijvoorbeeld, een discussie van de positie van de Joden in Byzantium verhelderend zijn voor een beter begrip van de positie van de Koisan in Zuid-Afrika en van het ontstaan van een situatie van raciale stratificatie aldaar?" Mijn antwoord is: onmogelijk.

De enige parallel, maar dan een omgekeerde, die ik heb kunnen bedenken is, dat het anti-judaïsme primair een religieuze oorsprong heeft en daarna maatschappelijk werd "gerationaliseerd", terwijl de discriminatie van de gekleurde arbeiders in Zuid-Afrika aanvankelijk overwegend door economische motieven expandeerde en pas later ideologisch werd "aangekleed".

Het als introitus vermelden van Bijbelgedeelten zonder verdere verbinding, toelichting of verwijzing naar de tekst, is in een materialistische geschiedschrijving, naar mijn mening, een stoot onder de gordel.

Er zijn in de Nederlandse taal betere boeken over dezelfde materie, zonder dat er inhoudelijk een kneieval voor de Afrikaner-ideologie wordt gedaan.

Als gevolg van de bezuinigingen wordt van alle Nederlandse universitaire functionarissen door de overheid om bewijzen van activiteiten gevraagd. Dit leidt ertoe dat wetenschappers worden opgedreven tot publiceren en daardoor het gevaar lopen met de Franse slag te gaan werken. Het komt mij voor dat dit boekje een product is uit deze "wetenschapsmachine".

DR DRS GH JONKERS

BRIGITTE LAU (ed.), *Carl Hugo Hahn, Tagebücher 1837—1860 Diaries. A Missionary in Nama- and Damaraland.*

Part I: 1837—1845, Windhoek, 1984, xi en 289 pp.

Part II: 1846—1851, Windhoek, xi en pp. 290—579.

Archeia: Windhoek Archives Source Publication Series.

Hierdie eerste bronrepubliekasié wat deur die Argief in Windhoek uitgegee is en in fotografiese vlakdruk

deur die "Star Binders and Printers" gedruk en in sagteband gebind is, vorm 'n hegte eenheid. Daarom is die bladsy-nommers deurlopend en help 'n verklarende register van persoons- en plekname in die tweede deel met die oriëntering van die stof, wat aan die einde van die eerste deel slegs van 'n kort register van persoons- en plekname voorsien is.

Dié publikasies is die begin van 'n onderneming om al Hahn se private dagboeke so volledig as moontlik te publiseer.¹ Die voorwoord en toelighting is in Engels geskryf en die Duitse teks is verwerk volgens die riglyne wat neergelê is deur J. Schultze, 'n stelsel wat volgens die redaktrise algemeen in Wes-Duitsland gebruik word.

Oor die algemeen laat die "Schulzschen Richtlinien" meer veranderinge toe as bv. die Utrechtse reëls vir bronrepubliekasië. Die spelling word bv. stilswywend verbeter² en foute in die Duitse spelling en interpunksie is gemoderniseer, tensy dit afbreek doen aan die persoonlike styl van die skrywer, soos wanneer hy uitroetetekens en vraagtekens gebruik.

Wie Hahn se skrif ken³ en probeer het om sy dagboeke in hul oorspronklike vorm te lees, kan nie anders as om Brigitte Lau geluk te wens met haar weergawe van die dagboeke nie. Selfs wanneer 'n mens bedrew is in die lees van die 18de eeuse skrif, is dit moeisame arbeid wat baie geduld en tyd verg. Gelukkig is Hahn se styl boeiend en selfs meeslepend en boonop het hy 'n wye belangstelling.

Dit is egter jammer dat die boekies, in handige formaat uitgegee, in 'n baie klein lettertipe op die mees ekonomiese wyse gedruk is. Ook ontbreek 'n duidelike kaart, waarop sowel ou geskiedkundige name as huidige plekname tussen hakies weergegee sou kon word. Die kaart in deel II, hoewel dekoratief, voldoen nie aan hierdie vereistes nie. Pleks van die dowie illustrasie, "Gewehrfalle", in deel I, sou 'n duidelik oonlynde kaart baie bygedra het tot 'n beter begrip van die teks.

Die tweede deel toon 'n verbetering op deel I. Nie alleen is die verklarende register van persoons- en plekname doeltreffender nie, maar ook word die voetnote onderaan elke bladsy gegee, wat die taak van die leser vergemaklik.

Omdat die tweede deel van Hahn se vyf dagboeke nie opgespoor kon word nie, het die redaktrise besondere moeite gedoen om gegewens oor die ontbrekende jare, 1640—1644, aan te vul uit private bronne en uit die argief van die Verenigde Evangeliese Sending.⁴ Bronne wat reeds in ander publikasies verskyn het, is kursief gedruk. In deel II deel die redaktrise ons mee dat dié bronne onverwags tevoorschyn gekom het in die genoemde argief onder die vindnommer: "Wuppertal, C/i 18:Abfänge der Arbied in Namaqualand, 1840—1843."⁵ Wat die bronnelys betref, is dit opvallend dat met uitsondering van die publikasie van C.P. Heese oor Sendingonderwys en die plekname-publikasies van P.E. Raper *et al.*, geen in Afrikaans geskrewe werke gebruik is nie. Daardeur ontbreek byvoorbeeld 'n belangrike werk soos die dissertasie van prof. E.L.P. Stals, wat in die tweede deel van die *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* van 1968 gepubliseer is. 'n Bronrepubliekasië is egter geen wetenskaplike geskiedenis-verhandeling nie en streng gesproke is 'n literatuur- en bronnelys nie noodsaklik nie, mits daar duidelik in die voetnote vermeld word uit watter bron die toelighting van die teks geput is.⁶

Maar om terug te keer tot die inhoud van die dagboek: dit is nou moontlik om 'n baie beter begrip van die Rynse sendingarbeid in die algemeen en van die persoon van Carl Hugo Hahn in die besonder te vorm. Die dagboeke begin as die skrywer 19 jaar oud is. Ernstig, vol goeie voornemens verlaat hy die ouerhuis en in die volgende 75 bladsye kan ons hom so te sê op die voet volg. Hy vertel boeiend van sy reise in Duitsland en Switserland. In Barmen wat naby Elberfeld geleë is, maak hy kennis met pastor Leipoldt en pastor Keetman en ander stigterslede van die Rynse Sendinggenootskap. Sy Europese dagboek eindig in Keulen op 14 Augustus 1840.

In 1842 begin sy werk in Komaggas waar Daniël Cloete sy beste leerling is. Later sou 'n hegte vriendskap tussen die twee ontwikkel en sou Daniel as tolk en evangelis goeie dienste bewys. Hahn verken sy omgewing te perd en is gevoelig vir die natuurskoon, waarvan pragtige beskrywings in sy dagboek opgeteken staan.

Ook die inwoners van die land sien ons deur Hahn se oë. Onder die boeiendste figure wat ons so leer ken, is Jonker Afrikaner. Eers maak hy 'n gunstige indruk op Hahn, wat op 27 Januarie 1844 in sy dagboek skryf: "Er, der früher eine Zuchtrute der Damaras war, ist durch die alles umändernde und umschaffende Kraft des Evangeliums ein Segen derselben geworden. Sein Character ist dem eines Häuptlings würdig. Mit ruhiger Besonnenheit verbindet sich Kraft und Mut. Früher ein Tyrann in seiner Familie und durch seine Klugheit und Raubsucht ein Schrecken aller anderen Stämme, jetzt freundlich, leutselig und freigiebig gegen jedermann."⁷

Wanneer Jonker egter die hulp van die Wesleyaanse sendelinge bo die hulp van die Rynse sendelinge verkies, is Hahn se oordeel minder gunstig. Op 28 Februarie teken hy in sy dagboek aan: "Es scheint mir, dass Jonker's und seines Volkes Sünden nicht mehr gewöhnlicher Art, sondern eigentlich antichristisch sind; darum auch ihre bittere Feindschaft gegen uns."⁸

Ek het op die verhouding tussen Hahn en Jonker Afrikaner ingegaan om aan te ton dat hierdie dagboeke 'n baie belangrike bron vir toekomstige geskiedskrywers is. Waardevol is ook Jonker se brief aan

Hahn in die eerste bylae. Het Jonker dit self geskryf? Emma Hahn, wie se dagboek in die tweede bylae opgeneem is, trek dit in twyfel wanneer sy op 28 Maart 1846 skryf: "Jonker's answer was long and insulting, but not written by himself, though he no doubt was the dictator of at least part of it."

Hoewel oor die algemeen min aandag geskenk word aan die lewe van die vrou in die sendingveld, is daar tog sydelingse verwysings na die rol wat Emma Hahn as hulp van haar man gespeel het, en dit vervul 'n mens met bewondering en deernis vir die vroue wat in uiters moeilike omstandighede hul kinders moes opvoed. Hoe goed Emma Hahn dit gedoen het, blyk uit die eerste bladsye van haar seun, pastor D. Traugott Hahn, se "Lebenserinnerungen".

Opsommend kan gesê word dat in hierdie eerste twee dele van Hahn se dagboeke 'n boeiende beeld van die lewe en werk van die egpaar Hahn tot en met 19 Desember 1851 gegee word. Die beskrywing van die natuur, van diere en insekte, van siektes en die bestryding daarvan, van die gebruikte en die vermoëns van die omringende volkere, maak die dagboeke tot 'n belangrike bron vir die historikus, die geograaf, die antropoloog en etnoloog, sowel as die plant- en dierkundige. Daarom is dit wenslik dat nie slegs 'n register van plek- en persoonsname, maar ook 'n volledige sakeregister aan die einde van die laaste deel opgeneem word. Sonder so 'n register is 'n publikasie soos 'n motor sonder petrol.

A.J. BÖESEKEN

Verwysings:

1. "It seemed important", skryf die redakteur, "to publish Hahn's diaries unabridged and as complete as possible, even if that sometimes meant including large parts of text not actually dealing with SWA/Namibia. (deel 1, pagina v.)
2. "All spelling has been tacitly corrected according to the language used, except for parts of text in Dutch/Afrikaans. (deel 1, pagina vi)."
3. Sien voorbeeld in deel II, teenoor p. 322.
4. Carl Hugo Hahn, *Tagebücher* deel II, pagina v.
5. *ibid.*
6. Vgl. bv. die reeks in *Rijks Geschiedkundige Publicatiën* wat in opdrag van die Nederlandse Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap uitgegee is. In die reeks "Generale Missiven van Gouverneurs-Generaal en Raden aan Heren XVII der Verenigde Oostindische Compagnie" word geen bronnellys verstrek nie.
7. Carl Hugo Hahn, *Tagebücher* deel I, p. 139.
8. Carl Hugo Hahn, *Tagebücher* ... deel II, p. 381.

JOSE BURMAN, *Early Railways at the Cape*, Human & Rousseau, Kaapstad en Pretoria, 162 pp., ill. R25,00 + AVB.

Jose Burman het al baie populêre publikasies oor die Wes-Kaapse geskiedenis op sy kerfstok. Van hom kan 'n mens sê dat hy ten minste geen pretenties het om 'n groot of selfs professionele historikus te wees nie. Sy boeke lees ook maklik en vind dus meer aanklank by die gewone publiek en as die dikwels droë werke van beroepshistorici. Wanneer sulke swak nagevorsde werkies soos hierdie egter opgedis word wat duidelik blyke toon dat dit vinnig aan mekaar geslaan is, kan 'n mens nie anders nie as om ietwat ontregter te voel by die lees daarvan.

Navoring het die skrywer wel gedoen, maar as 'n skrywer selfs nie eers die beskikbare sekondêre werke en ander bronre oor 'n onderwerp gebruik het nie, kan dit onmoontlik ernstig opgeneem word. Skrywer hiervan se MA-verhandeling oor die ontwikkeling van die spoorweë in die Kaapkolonie tot 1885 is nooit geraadpleeg nie. Dieselfde geld vir 'n standaardwerk soos dié van Jean van der Poel: *Railway and customs policies in South Africa, 1885—1910*. Hierby kan ander basiese werke gevoeg word. R F M Immelman se *Men of Good Hope*, die geskiedenis van die Kaapstadse Kamer van Koophandel, waarin heelwat gesê word oor die rol van dié liggaaam in die vroeë stadium van spoorwegontwikkeling is een. 'n Ander is die ongepubliseerde MA-verhandeling van B L G Swart: "Die Logan-kontrak en die invloed daarvan op die Kaapse politiek". Instede daarvan om hierdie deeglike studie te gebruik het die skrywer verkies om na die oorspronklike parlementêre stukke oor die kontrak terug te gaan. Daar is seker niets daarmee verkeerd nie, maar die boek is soveel armer weens die verswyging van feite wat Swart wel opgediep het. Wanneer dit by die Namakwalandse spoorlyn kom, mis 'n mens ook in die skrywer se bronnellys die uitstekende werk van J M Smalberger: *Aspects of the history of Copper mining in Namaqualand, 1846—1931*. In hoofstuk 2 kon die skrywer ook met vrug gebruik gemaak het van die uitstekende studie van M C Kitshoff: "Gottlieb Wilhelm Antony van der Lingen" waarmee hy sy doktorsgraad in Nederland verwerf het. Dié studie bevat baie van

die soort interessanthede wat die skrywer elders self so graag aanwend aan die hand van bronne wat hy self nagevors het. Die interessante stryd oor Sondagtreine onder leiding van die merkwaardige ds Van der Lingen van die Paarl, wat selfs tot die stigting van 'n poskoetsmaatskappy aanleiding gegee het ten einde opposisie teen die spoorwegmaatskappy te verskaf, kom gevoldiglik nie tot sy reg nie. Burman skryf slegs twee kort paragrafies oor die stryd teen Sondagtreine waarin ds Van der Lingen se naam nie eers genoem word nie.

In die bronnellys van hoofstuk 3, wat oor die bou van 'n spoorweg na Wynberg handel, ontbreek ook 'n belangrike, eintlik onmisbare, bron — die notuleboek van die *Wynberg Railway Company* (1859—1876) wat in die Kaapse Argiefbewaarplek geraadpleeg kan word. So kan 'n mens voortgaan om kritiek teen hierdie yl werkie te opper. Ook die feit dat 'n hele paar illustrasies sonder datums gebruik word (bv. teenoor pp. 32, 48 en op p. 49) versterk die indruk dat die skrywer maar bloot daarop uit is om vinnig 'n bietjie oueursgeld te verdien. Daar is sekerlik plek vir 'n publikasie van hierdie aard wat met die oog op die algemene mark geskryf is, maar dan moet die skrywer darem sy huiswerk beter as dit doen en iets meer substansieels voortbring.

D H HEYDENRYCH
Universiteit van Pretoria

JAN WILLEM MEIJER, *Dr H J Coster 1865—1899*, MA-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, November 1983, 202 pp.

In die Paleis van Justisie aan die Kerkplein in Pretoria is 'n reliëfportret van Herman Coster, afkomstig uit Nederland; generaal J C Smuts het dit op 23 Augustus 1923 onthul. In 1983 het Coster 'n ander waardevolle gedenkstuk gekry. Dit is die lewensbeskrywing wat mnr W J Meijer oor hom saamgestel het en wat hom as Magisterverhandeling by UNISA gedien het.

Hermanus Jacob Coster is gebore uit Doopsgesinde ouers te Alkmaar in Nederland op 30 Junie 1865. Sy vader is oorlede toe hy 13 jaar oud was, maar sy welgestelde oom, die geneesheer dr T H Blom Coster, het veel tyd en geld bestee om met sy begaafde neef uitgebreide reise in die buitenland te onderneem. Herman het regte in Leiden gestudeer. Ook sy voorsitterskap van die Leidse studentevereniging het hom gevorm.

Hy het volwasse geword in die jare kort na die eerste Anglo-Boereoorlog, 1880—81. Die ekonomie en kultuur van Nederland het toe opgeblom en talle nasionaalgesinde Nederlanders wou hul beskawing na die Nederlandse kolonies en Suid-Afrika uitdra. Die belangstelling vir die stamverwante heldevolk van Boere in Suid-Afrika het opgevlam. Voorbeeld van kultuurbewuste Nederlandse immigrante in Suid-Afrika was N. Mansvelt, W.J. Leyds en H.J. Coster. Coster het 'n veelbelouende loopbaan in Nederland, Oos- of Wes-Indië of die Verenigde State laat vaar en hom in 1890 in Pretoria gevestig. As idealis wou hy die Nederlandse beskawing in Transvaal versterk en dié land help ontwikkel en teen verbitsing behoed, aldus tipeer Meijer hierdie geesdriftige Nederlander.

Na 'n moeilike begintyd as advokaat het hy van Staatssekretaris Leyds regeringsopdragte ontvang om wette te indekseer en op te stel. Sy bekwaamheid het spoedig geblyk en in 1895 is hy as Staatsprokureur benoem. Leyds het hierdie belangrike amp in 1884—89 beklee. Coster het in 1896 opgetree as Staatsaanstaeler teen die Reformers, dit was die Johannesburgse medestanders van dr L S Jameson wat die regering van die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) wou omverwerp.

Reeds in 1897 het hy ontslag geneem en na die advokateberoep teruggekeer. Hy het egter voortgegaan om aan die regering sy dienste te lever, onder meer vir die grondwethersiensing wat weens die oorlog in 1899 nie in werking getree het nie.

By die nadering van die oorlog het hy hom as luitenant by die Nederlandse vrywilligerskorps onder generaal Jan Kock aangemeld en met die Hollanderkorps na Natal opgeruk. Hy het saam met ander Nederlanders op 21 Oktober 1899 by Elandslaagte gesneuwel. Deur sy krygsmansdood, 34 jaar oud, het hy in Nederland en Suid-Afrika helderoem verwerf.

Mnr J W Meijer het in sy biografie van Coster 'n uitstekende bydrae gelewer oor "Kruggers Hollanders" wat sowel geprys as verguis is. Hy lê tereg die nadruk op Coster as bekware regsgleerde en as idealis vir die Nederlandse beskawing in Transvaal in plaas van op Coster se kort optrede as krygsman. Hy verklaar Coster se onverwagte aftrede as Staatsprokureur in 1897 nie uit wrak oor President Kruger se neerhalende opmerking oor die Hollanders in Transvaal — waarvoor Kruger hom trouens grootmoedig om verskoning gevra het — ook nie uit wrak oor die verafrikaansing van die Staatsdiens waarin die een Nederlander ná die ander deur Suid-Afrikaners vervang is nie — maar uit die intrekking van die vreemdedingewet deur die Eerste Volksraad onder druk van die Britse regering. Hy het dit as 'n ontoelaatbare toegewging aan Britse druk beskou. Meijer skryf dat Coster toe in sy ideaal van onafhanklikheid vir Transvaal teleurgestel is, maar lojaal jeans die regering gebly het. Hy het hom in September 1899 nie by 'n Boerekom-

mando nie maar by die Hollanderkorps aangesluit om die Nederlanders se lojaliteit jeens die ZAR te demonstreer, aldus Meijer.

'n Vergelyking tussen Coster en Leyds is myns insiens interessant. Leyds was Staatsprokureur en Staatsekretaris onder Kruger. Hy en Coster was baie bekwaam en daardeur gerespekteer, maar Coster was 'n eenvoudiger, emosioneler en warmer mens as die koel, ietwat snobistiese Leyds wat nooit populêr was nie. Byvoorbeeld, Coster het Afrikaans gepraat, Leyds nooit nie.

Coster se vroeë dood was 'n tragedie. Volgens Meijer het tragedie ook sy gesin getref. Hulle het in 1901 na Nederland teruggekeer. Sy tweede seun is, 14 jaar oud, by 'n skietongeluk gedood. Sy oudste seun is in 1942 in 'n Japanse krygsgevangenkamp in Oos-Indië oorlede. Sy jongste seun is as versetstryder deur die Duitse besetters in Nederland in Maart 1945 tereggestel. Hy het blybaar die opofferingsgesinde idealisme van sy vader geërf. Daar is geen kleinkinders nie. Toestemming aan Coster se weduwee om haar in Suid-Afrika te vestig, is in 1938 geweier. Sy moes van lae inkomste leef totdat Eerste Minister D F Malan haar in 1950 'n Staatspensioen toegestaan het.

C DE JONG
Universiteit van Suid-Afrika

Algemene geskiedenis/General history

THEO VAN WIJK en S B SPIES (reds.), *Western Europe from the Decline of Rome to the Reformation*, Academica, Pretoria, 1985, 378 pp., index, R25,00 + AVB.

THEO VAN WIJK en M C VAN ZYL (reds.), *Europe, 1555—1848*, Academica, Pretoria, 1985, 460 pp., index, R35,00 + AVB.

THEO VAN WIJK en MAURICE BOUCHER (reds.), *Europe, 1848—1980*, Academica, Pretoria, 1985, 514 pp., index, R38,00 + AVB.

Die driedelige *History of Europe* waaraan sewentien (huidige en vroeëre) Geskiedenisdosente van Unisa meegewerk het, is die eerste wetenskaplike reeks werke oor die hele verloop van die Europese geskiedenis wat in Suid-Afrika geskryf en gepubliseer is, en die gelykydigheidsverskynings van hierdie drie boeke is dus 'n belangrike gebeurtenis. Daar het reeds verskeie universiteitshandboeke in Afrikaans oor die Westerse geskiedenis verskyn, maar tot op datum nog nie een oor die geskiedenis van die twintigste eeu nie, en dus ook nog geen volledige reeks nie. Hoewel daar voortdurend nuwe handboeke in die buitenland verskyn wat aan Suid-Afrikaanse universiteite gebruik kan word, en dit ook gewens is dat hierdie boeke steeds gebruik word, is dit aan die ander kant tog van groot belang dat Suid-Afrika, in elk geval wat die basiese voorgraadse handboeke betref, in sy eie behoeftes kan voorsien. Nie alleen hou dit valutavoordele in nie, maar ook kan boeke uit die buitenland nie altyd vinnig bekom word nie, en dit het al dikwels gebeur dat studente maande lank sonder handboek moet klaarkom.

Dit is interessant dat die redakteurs besluit het om hierdie boeke oor die algemene geskiedenis te beperk tot die geskiedenis van Europa, en, wat die eerste deel betref, tot die geskiedenis van Wes-Europa. So 'n beperking skep probleme, veral ten opsigte van die negentiende en twintigste eeue, waar die geskiedenis van Europa baie verweef geraak het met dié van die res van die wêreld. Internasionale verhoudinge van die twintigste eeu, byvoorbeeld, strek veel wyer as die verhoudinge tussen die state van Europa. Aan verskillende Suid-Afrikaanse universiteite word daarom, veral wat die moderne tyd betref, nie net Europese geskiedenis nie, maar geskiedenis van die Westerse Beskawing of ook wêrelsgeskiedenis gedoseer. Vir sulke kursusse is die bruikbaarheid van hierdie boeke beperk, en veral die derde deel is net vir sekere afdelings van die leer-gang oor negentiende- en twintigste-eeuse geskiedenis geskik.

'n Verdere probleem rakende die algemene geskiktheid van hierdie reeks as universiteitshandboeke is dat daar hoofsaaklik op die politieke geskiedenis gekonsentreer word. In die eerste deel word wel aan ekonomiese, sosiale en kultuurgeskiedenis aandag gegee, en in die tweede deel kom die ontwikkeling van die samelewings, die ekonomie en die wetenskap (maar nie die kuns nie) nog tot sy reg, maar in die derde deel word die ekonomiese en tegniese ontwikkelinge net tot die vroeë twintigste eeu geneem, terwyl die samelewings en kultuur (behalwe vir 'n kort gedeelte in die slothoofstuk) heeltemal verwaarloos word. Die reeks bied dus net in die eerste deel, wat tot die sestigste eeu strek, beskawingsgeskiedenis; daarna is dit hoofsaaklik politieke geskiedenis met enkele hoofstukke wat oor ander aspekte handel.

Hierby kom dat sekere onderwerpe veel meer aandag kry as wat 'n mens, gesien die omvang van die werk, sou verwag, terwyl ander onderwerpe weer baie oorsigteliker behandel word as wat verwag sou kon word. Aan die Dertigjaarige Oorlog (1618—48), byvoorbeeld, word sowat 25 bladsye gewy, en aan die Groot Noorderoorlog (1700—1721) 18 bladsye, maar die belangrike oorloë van die negentiende eeu, soos die Krimoorlog en die Frans-Pruisiese Oorlog word elk in minder as 'n bladsy behandel. In die voorwoord tot

volumes 2 en 3 word aangedui dat die skrywers nie aanspraak maak op volledigheid nie en dat die werk gesien moet word as 'n reeks hoofstukke wat vir die algemene geskiedenis van Europa geselekteer word. 'n Mens sou tog verwag dat, vir so 'n reeks, die redakteurs (waarvan een, prof Theo van Wijk, as algemene redakteur opgetree het) vooraf goeie beplanning gedoen en gesorg het dat daar ten minste konsekwent of algemene beskawingsgeskiedenis of net politieke geskiedenis behandel word, en dat die verskillende tydperke na verhouding ewe veel aandag kry. Dit wil voorkom of dit aan die skrywers oorgelaat is om self die omvang van hul bydraes te bepaal. Die gevolg is dat die reeks 'n versameling opstelle oor historiese onderwerpe word en dat geen duidelike geheelbeeld van die Europese geskiedenis na vore kom nie. In geen van die volumes is daar ook inleidende of slothoofstukke waarin die vernaamste ontwikkelinge en kenmerke van 'n hele tydvak uitgelig word nie.

Die hoofstukke self getuig, vir sover ek kan oordeel, almal van 'n deeglike wetenskaplike aanpak, en die skrywers het hulle goed ingewerk in hul onderskeie onderwerpe. Verskillende interpretasies van historici word soms naas mekaar gestel en bespreek (waarby die name van die geskiedskrywers soms sonder nadere inligting aangedui word, wat verwarring kan wees vir studente wat hierdie name moet onderskei van dié van die historiese figure waaraan die hoofstukke handel). In sommige hoofstukke is daar vir my gevoel tog te veel feitelike beskrywing en te min interpretasie, en ook word kernsake nie altyd goed uitgelig nie. Die werk is myns insiens vir vooraagende studente te moeilik geskryf. Die hoofstukke is ook net in enkele onderafdelings verdeel en dikwels kom daar vyf of meer bladsye sonder 'n enkele tussenopskrif voor. Daar is 'n aantal goeie kaarte en (eienaardig genoeg, net in volume 1) genealogiese tabelle, maar geen verdere illustrasies nie. Die papier waarop die boeke gedruk is, laat die bladsye valerig lyk. Dit is jammer, want foto's en tekeninge, 'n aantreklike tipografie en tussen- of kantopskrifte kan, selfs waar dit universiteitstudente aangaan, help om handboeke makliker te bestudeer. Die uitgewers kon in hierdie verband meer moeite gedaan het, en dit is verbasend dat die boeke nog net so duur of duurder kos as sommige goed geïllustreerde handboeke wat al in verskeie vakke in Suid-Afrika gepubliseer is.

Slegs twee skrywers, John Lambert en Sheila du Plessis, het aan die eerste volume meegewerk, en hierdie deel vorm, waarskynlik veral as gevolg hiervan, 'n afgeronde eenheid — iets wat nie van die ander volumes gesê kan word nie. Aangesien hulle binne die bestek van 350 bladsye oor die Middeleeue en sesstiende eeu moet handel, kan nie 'n baie indringende behandeling van onderwerpe verwag word nie, en is kritiek dat baie sake darem te oorsigtelik bespreek word, miskien nie geregverdig nie. Dit is tog jammer dat enkele belangrike onderwerpe uit die Middeleeuse geskiedenis feitlik glad nie aangeraak word nie: o.m. die Noormanne en hul invloed op Europa, die Islamitiese samelewing en kultuur in Spanje, die *Reconquista* en die Kruistogte. Daar word wel heelwat aandag gegee aan sosiale, ekonomiese en kulturele ontwikkelinge, maar tog nie 'n goede beeld gegee van die leefwyse van die Middeleeuse mens, van die edelman, geestelike, boer en stedeling nie. In die eerste hoofstuk word die veranderinge in die Romeinse samelewing vanaf die derde eeu goed behandel. Oor die Germane, hulle herkoms en vroeë samelewingsvorme word egter min gesê. Dit is verder jammer dat die vroeë ontwikkeling van die Christendom ná die Germaanse volksverhuittings en die ontstaan van die Bisantynse Ryk behandel word, terwyl dit kronologies daarvóór tuishoort. Die ontwikkeling van die Middeleeuse kerk en die Kerkhervorming van die sesstiende eeu word deeglik bespreek — aan die Kerkhervorming word meer as vyftig bladsye gewy. Ongelukkig word die kulturele ontwikkelinge gedurende die Middeleeue saam met die Renaissance heelwat oorsigteliker, in 'n enkele hoofstuk, behandel. Du Plessis skryf insiggewend oor die humanisme van die Renaissance, maar laat nie reg geskied aan die ontwikkeling van die beeldende kunste nie.

Die tweede boek begin met 'n deeglike behandeling van die Dertigjarige Oorlog deur J W Kew. 'n Mens mis egter 'n slotbeskouing in hierdie hoofstuk waarin die betekenis van die oorlog en van die Vrede van Wesfale bespreek word. Hierop volg 'n welkomme hoofstuk oor Spanje in die sesstiende en sewentiende eeu, geskryf deur S F Malan. In hierdie hoofstuk word ook kortliks gehandel oor die Nederlandse Opstand. Dit is onbegryplik dat daar geen aparte hoofstuk oor Nederland, wat in die sewentiende eeu 'n belangrike moondheid was, ingesluit is nie; dit is ook as agtergrond tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis van besondere belang. Die derde hoofstuk, deur M Boucher, gee 'n oorsig oor die ontwikkeling van Frankryk en die vierde, deur Andrew Harrington, handel oor Brittanje tot 1715. Albei skrywers konsentreer ongelukkig net op die politieke ontwikkelinge. In die volgende hoofstuk, deur L E van Niekerk, wat hoofsaklik handel oor die Groot Noorderoorlog, word die opkoms van Swede, Pruisen en Rusland kortliks bespreek. Dit is maar 'n baie kort bespreking van baie belangrike onderwerpe. A J Fick bied 'n beeld van die ekonomiese, maatskaplike en intellektuele struktuur van Europa in die sewentiende eeu, en verskaf o.m. verhelderende demografiese gegevens. Daarna word, in 'n hoofstuk deur A J Fick en M Boucher, 'n goede geheelbeeld van die internasionale verhoudinge van die agtiende eeu gegee — dit is jammer dat so 'n oorsig nie ook van die sewentiende-eusee verhoudinge gedoen is nie. Die hoofstuk van P G Eidelberg oor die Eerste Industriële Omwenteling is deeglik en verhelderend. Ook oor die Verligting en die Verligte despote is daar 'n indringende en volledige hoofstuk (deur A J Fick). Na Fransjohan Pretorius se oorsigtelike behandeling van die Franse Revolusie en Napoleontiese tydperk volg 'n kort hoofstuk oor die periode 1815—48 deur M S Ap-

pelgrym. Dit is darem maar 'n uiterst beknopte stuk oor 'n belangrike periode in die Europese geskiedenis.

Die eerste hoofstuk van deel drie, ook geskryf deur M.S. Appelgrym, beslaan net 21 bladsye, waarin hy (moet?) klaarspeel met die unifikasijsie van Italië en Duitsland, die regering van Napoleon III in Frankryk en parlementêre hervorminge in Groot-Brittannie. Daarna volg 'n veel langer hoofstuk oor die Tweede Industriële Omwenteling, waarin P G Eidelberg, in aansluiting by sy vorige hoofstuk, in besondering gaan op die industriële ontwikkeling van Duitsland en Rusland, en ook o.m. aandag gee aan die kollektivisering van die Russiese landbou na 1930. Die agteruitgang van Brittannie, na byna 'n eeu van ekonomiese supremasie, word ook bespreek. Dit is jammer dat die nywerheidsontwikkeling van die V.S.A. nie behandel kon word en die redes vir die opkoms van die twee supermoondhede van ons tyd so saam belyig kon word nie. Eidelberg se bydraes is nietemin van die waardevolste in die hele werk. A L Harington en S B Spies gee, in twee afsonderlike hoofstukke, 'n oorsig van die periode 1871—1914 en behandel onderskeidelik die interne ontwikkelinge in die verskillende lande en die internasionale betrekkinge. Aan die opkoms van sosialisme en van imperialisme in hierdie periode word ongelukkig net sydelings aandag gegee, sonder om op die aard van hierdie belangrike verskynsels self in te gaan. Hierna volg 'n deeglike hoofstuk deur S B Spies oor die Eerste Wêreldoorlog en die vredesverdrae van 1919—20, terwyl B J Liebenberg die Russiese Revolusie en ontwikkeling van die Sowjet-Unie behandel, met ongelukkig baie min aandag aan die Stalinera. Die daaropvolgende twee hoofstukke oor die periode tussen 1919 en 1939 is albei geskryf deur Werner van der Merwe en gee 'n goeie geheelbeeld van die politieke ontwikkelinge in hierdie tydvak. Na 'n hoofstuk deur K W Smith oor die Tweede Wêreldoorlog, bly daar slegs twee hoofstukke oor waarin die na-oorlogse tyd behandel word. K W Smith gee o.m. aandag aan die Koue Oorlog en die totstandkoming van die E.E.G., terwyl Werner van der Merwe in die slothoofstuk die vernaamste ontwikkelinge — nie alleen polities nie, maar ook ekonomies en kultureel — van die afgeloep twintig jaar skets. Hy waag hom ook aan 'n kykie in die toekoms en meen o.m. dat die V.S.A. 'n kleiner en Duitsland 'n groter rol in die Europa van die toekoms sal speel.

In die geheel gesien is die driedelige *History of Europe* nie 'n werk wat hom van die baie ander algemene werke oor die Europese geskiedenis onderskei deur 'n nuwe benadering of geheelinterpretasie nie, en ook nie deur 'n spesiale toespitsing op aspekte van die geskiedenis wat in Suid-Afrika van besondere belang is nie. Tog is dit 'n goeie wetenskaplike werk, gebaseer op studie van die jongste gespesialiseerde geskiedwerke van belang, wat vrugbaar in die geskiedenisonderwys, veral op tersiêre vlak, aangewend kan word.

P DE KLERK
PU vir CHO

R J KNECHT, *Francis I*, Cambridge at the University Press, first paperback edition 1984, 480 pp., maps, illustrations, bibliography, index, R17,90; B BUISSET, *Henry IV*, London, George Allen & Unwin, 1984, 235 pp., maps, illustrations, bibliography, index, R41,75; M ASHLEY, *James II*, London, J M Dent & Sons Ltd., 1977, 342 pp., maps, illustrations, bibliography, index, R8,55.

All three represented by Macmillan South Africa.

Scholarly biographical studies of the leading figures in history is an essential prerequisite for any understanding of why men developed when they did in the way they did. Such an understanding, again, makes it possible to gain insight into some of the major reasons for critically important developments in political and dynastic history, especially in early modern Europe. The personal whims and ambitions of rulers like Peter I of Russia, Henry VIII of England and Napoleon I of France had an inestimably important effect on the development of Western civilization. Although the same cannot be said of Francis I and Henry IV of France and James II of England, they each made their own contribution to European history and their life histories are not only interesting but also worth studying.

Knecht's history of *Francis I* is the first full-scale biography in the English language of that Renaissance monarch. It not only draws together a mass of important information and interpretation, but does it in the form of a highly readable, even absorbing tale. The book is not a biography in the strict sense of the word but rather a history of the reign of Francis. The subject is treated analytically within a broadly chronological framework. Light is thrown on much more than just the wars and diplomacy of the first half of the sixteenth century — aspects such as religious developments, the arts and sciences, economic and colonial matters are touched upon where applicable. Knecht rightly points out that Francis' reign promoted fundamental changes in many aspects of French life. Large parts of the book are devoted to the wars the king indulged in, which is understandable as he was an exceptionally war-like ruler. On the other hand, he was well known as a patron of the art and some light is thrown on his friendship with Leonardo da Vinci.

Buisseret's life of *Henry IV* of France is not of the same excellence as *Francis I*. The book is well researched, and has as subject a king who has, in many respects, played a more important role in the history

of France than Francis I did. The book also has a chronological workplan. There the resemblance stops. Henry's reign as king is heavily favoured; the first 36 years of his life is glanced over in about as many pages. The story of his life as king is then told in tedious detail: one is at some stages presented with a day-by-day account. The gripping freshness of Knecht's narrative is absent. The book remains worth the while to study, however, as it contains reliable statements of fact on many issues which are usually glanced over in the more general books on French history. And it contains a valuable biography which can guide one to specific aspects of Henry IV and his reign.

The third biography here reviewed was written by the well-known English historian of the seventeenth century, Maurice Ashley. *James II* is, like the other two books, more of a life history than a biography, and has as its subject the whole life story of the last of the Catholic kings of England. Ashley is extremely well qualified to write on James, as he has been doing research and writing on English history in that period for many years. He covers the whole life of the unhappy king, who ruled for four years only before being forced to abdicate in favour of his son-in-law. He tries to be objective and dispassionate without being clinically too far removed from his subject, and he succeeds.

All three books are amply illustrated, with Knecht's again taking top honours but with the others not far behind. Although the life stories of kings are currently out of fashion in the pursuit of the past, any serious student of modern European history will be well advised not to ignore these three publications.

JACKIE GROBLER
University of Pretoria

Filosofie/Philosophy

MARGARET JACOB and JAMES JACOB (eds.), *The Origins of Anglo-American Radicalism*, George Allen and Unwin, London, 1984, Hardeband, 333 pp, indeks, R41,75.

In die Westerse lande, hoofsaaklik Amerika en Brittanje, is radikale kritiek 'n aanvaarde vorm van deelname aan die politieke proses. Die hedendaagse kampvegters vir feminisme, burgerlike regte, ontwapening, ens, staan in 'n lang tradisie van radikale kritiek. In hierdie boek word die historiese wortels van radikalisme nagegaan en waar moontlik, blootgelê.

Daar is 19 referate in hierdie boek opgeneem. Dit is referate wat in 1980 by 'n konferensie in New York gelewer is onder die beskerming van die *Institute of Research in History*. Soos die titel van die boek reeds te denke gee, val die onderwerp gerieflik in twee dele uiteen; die tradisie van Engelse radikalisme ener-syds en van Amerikaanse radikalisme andersyds. Die referate is dan ook volgens hierdie tweedeling versamel met die referate wat oor die Engelse tradisie handel, vooraan. Die temas wat bespreek word, is uiteenlopend van aard. Tog handel die referate in hoofsaak oor radikalisme op die politieke, ekonomiese en godsdienstige terreine. Hoewel dit nêrens eksplisiet gestel word nie, is die leitmotief in ieder geval die opkoms van individualisme. Die radikalisme van die 18e en 19e eeu is dus in 'n belangrike oopsig gesentreer rondom die mondigwording van die individu as staatsburger, deelnemer aan die vrye markstelsel en gelowige.

Radikalisme op die politieke terrein het in die 17e en 18e eeu beslag gekry in pogings om die individu as 'n mondige en volwaardige politieke agent te vestig. Politieke radikalisme kon egter net bevorder word omdat die individu reeds sy mondigheid op ander terreine verwerf het. So was vryheid van spraak en openbare meningswisseling 'n onmisbare vooronderstelling vir die kritiek op die aristokrasie en die monargie. In sy referaat, *Radical Criticism of the Whig order in the Age between Revolutions*, 34, vestig Pocock die aandag op die belangrike rol wat pamphlette gespeel het in die verspreiding van radikale idees. Slegs omdat die drukpers in Engeland bestaan en individue daar toe toegang gehad het, kon die oligargiese Whig-regering effektiief gekritiseer word. Daar is hoofsaaklik geëis dat die termyn van die parlement verkort word sodat daar driejaarliks verkiesings gehou kan word (34). Hierdie aanval op die parlementêre regeringstelsel is voorafgegaan deur 'n agitasie vir die inperking van die koning se gesag. Weston, *Co-ordination — a Radicalising Principle in Stuart Politics*, (85) laat die aandag val op die sg. beginsel van koördinasie wat tydens die verhoor van Karel I (1649) in die politieke debat ingevoer en in 1688 gekanoniseer is. Volgens hierdie beginsel sou die koning voortaan die gesag met die twee huise van die parlement deel. Dit sou beteken dat die parlement nie aan die koning verantwoording hoeft te doen nie.

Die inperking van die gesag van die koning en die gereeld herverkiesing van die parlement is belangrike stappe op die weg van die politieke mondigwording van die individu. Dié weg is nie enduit begaan in Engeland nie — altans nie onmiddellik nie. Universele stemreg het m.a.w. nog nie bestaan nie en oënskynlik om 'n baie goeie rede. Onder die invloed van die Protestantisme het dit besonder algemeen geword om die mens baie laag aan te slaan. Die individu is tot weinig goed in staat — hy is 'n sondaar — en moet dus beheer en beheers word. In Engeland het die parlement die taak gehad om die "wetteloze" strewes van die volk aan bande te lê, asook natuurlik die tirannie van die koning. Die Engelse staatsbestel het dus uit 'n unieke kombinasie van aristokratiese, monargale en demokratiese elemente bestaan. In Amerika was die

saak anders gesteld. J Appleby: *The Radical Double Entendre in the Right to Self-Government*, 275 vv, ondersoek die verskuiwinge in die antropologiese voorstellings wat die grondslag van die Amerikaanse demokrasie gevorm het. Sy maak melding van John Stevens se *Observations on Government* (1787) waarin Stevens die radikale stelling gemaak het dat die mens in staat is om homself te regeer. Stevens wou die volgende boodskap aan sy lesers huisbring. Amerika se reg op selfregering is gebaseer op die reg van individuele Amerikaners op selfregering. Hiermee is 'n belangrike uitdaging gerig aan die tradisionele opvatting dat individue onbevoeg is om hulself te beheer en dat uitgebreide institusionele reëlings nodig was om menslike ondeug aan bande te lê. Appleby sit haar analise voort deur vas te stel wat die vryemarkstelsel daartoe bygedra het om die politieke mondigwording van die individu te bespoedig. Amerikaners se deelname aan 'n vrye markekonomie, sê Appleby, 280, het 'n algemene wanopvatting die nek ingeslaan, nl. dat individue se deelname aan 'n vrye markekonomie deur 'n irrasionele, onbeheerbare winsbejag gekenmerk sou wees. Sy stel dit so: "Die ou Christelike voorspoeksel van wetteloosheid en konflik is finaal uitgedryf. Met die dat mense begin het om handel te dryf vir welvaart eerder as om te roof vir skatte, het die persoonlike vryheid van individue die handel stelselmatig beskawe", 278. In Amerika het die mark boonop onder gunstige omstandighede gefunksioneer. Die markmechanismes is nie deur gesagsfigure of kartels beïnvloed nie. Hulpbronne was nog grootliks onontgin. Amerikaners was selfvoorsienend en daar was nie magtige en duur finansiële instansies wat onderhou moes word nie. Dit alles het daartoe bygedra dat die individu 'n vrye toegang tot die mark gehad het waar hy sy vryheid van keuse kon laat geld het. Die vryheid wat hy hier gehad het, asook die afwesigheid van gesagsinstansies, het natuurlikerwys oorgevloe na die politieke sfeer. In hulle referate het R Malcolmson, G Nash en S Rosswurm bv. aangetoon hoedat werkers se bewussyn van hulle persoonlike vryheid en regte enersyds geleei het tot die totstandkoming van vakbondes wat met die fabrieksbase en werkgewers kan onderhandel oor werksomstandighede en lone en andersyds tot die ontwaking van die arbeidersklas as 'n politieke mag. Nash, *Artisans and Politics in Eighteenth-Century Philadelphia*, 162, toon bv. aan dat werkers twee belangrike oogmerke in Philadelphia verwesenlik het, t.w. om stemreg te ontkoppel van eiendomsbesit en om die handelslui se politieke magstuitoefening te neutraliseer. Die saak wat die werkers by ander sosiale groepe wou huisbring, was dat die werkers die reg het om hulle eie menings te vorm en namens hulself te praat.

Radikalisme op die godsdienstige terrein het hoofsaaklik tot uiting gekom in die aansprake van individue dat hulle 'n direkte toegang tot God het en dus sonder die bemiddeling van die ortodoxe kerklewe, kerklike tradisie en somtyds selfs sonder die Bybel, kan klaarkom. Die roeping van God het 'n individu uit sy normale huisklike, sosiale en politieke konteks geskeur en van hom 'n non-konformis gemaak. Bonomi, 'A Just Opposition': *The Great Awakening as a Radical Model*, 243, toon aan hoedat godsdienstige non-konformisme soos dit uitdrukking gevind het in die "Great Awakening", as 'n kleedrepertisie vir die Amerikaanse rewolusie diens gedoen het. Individue het geleer om wetsgehoorsaamheid ondergeskik te stel aan hulle gewetens. Non-konformisme — dit het al kort na die Hervorming geblyk — het natuurlik konflik tussen die staat en individuele staatsburgers veroorsaak, maar op die lange duur tot verdraagsaamheid geleei. Op sy beurt het godsdienstige verdraagsaamheid non-konformisme in die hand gewerk! 'n Belangrike gevolg hiervan was dat vrouens toegelaat is om hulle godsdienis non-konformisties uit te leef en te beoefen. P Mack, *Women as Prophets during the English Civil War*, 214vv, neem 'n bepaalde vorm van non-konformisme, profesie, onder die loop en vestig onder meer die aandag op die interessante feit dat die ontvanklikheid vir vroue-profete toegeskryf kan word aan die feit dat die monargale orde in manlike terme beskryf is sodat dit natuurlik was om simbole van vroulikheid te gebruik ter kritiek van die bestaande orde, 216. Hierbenewens het vroue-profete hulle eie geloofwaardigheid gekoppel aan die gangbare opvatting van die tyd dat vroue irrasioneel en emosioneel is, en dus toegankliker vir invloede van "buite-a-f". Na alles het dit op die godsdienstige terrein dus ook om die mondigheid van die individue gehandel; die opvatting dat 'n individu sy gewete hoër moet aanslaan as enige sosiale of politieke reëling.

Om op te som. Daar is 'n paar interessante referate in hierdie boek opgeneem. Al die referate is nie ewe goed nie en die inleidende artikel kon baie meer gedoen het om 'n konteks te skep waarbinne die referate gemaak pas kan word. Soos hy daar staan, is die boek waarskynlik nie veel werd vir mense wat net 'n kurisoriese inleiding tot die verskynsel van radikalisme wil hê nie. Die leser moet self 'n interpretasie-raamwerk ontwerp ten einde die referate met vrug te kan gebruik en dit is straks te veel gevra vir voorgaarde en selfs honneursstudente. Ander vakkundiges (politieke filosowe, sosioloë) sal die boek ook moeilik op sy eie kan gebruik.

JERROLD, L ARONSON, *A realist philosophy of science*, Macmillan, London, 1984, Hardeband, 278 pp., Indeks, R44,85.

Dit is tans 'n algemeen aanvaarde feit dat die filosofiese studie van die wetenskap nie beperk kan word tot 'n logiese analise van die vermeende struktuur van wetenskaplike teorieë nie. Sedert die verskyning van T S Kuhn se *The Structure of Scientific Revolution* in die vroeë sestigerjare is daar met 'n nuwe en kritiese ingesteldheid begin kyk na die ideaal om die wetenskapsfilosofie te formaliseer deur dit te beperk tot die logiese analise van wetenskaplike teorieë en begrippe. Kuhn het nie alleen 'n beskrywing van wetenskaplike rewolusies gegee nie, hy het ook een in die wetenskapsfilosofie tweeweggebring. Eertyds gangbare opvatting het skielik twyfelagtig begin lyk. Nuwe opvatting, soms baie tentatief en gewaagd, het die lig begin sien en die standaardopvatting en benadering is vloeiend gemaak, verander, omvorm en selfs verwerp. Die wetenskapsfilosofiese debat het eensklaps weer opgevlam en ver buite die grense van die formalistiese ortodoksie weerklink gevind. Een van die vele temas wat oor 'n uitgebreide front bespreek en gedebatteer word, betrek die vraag na die aard van wetenskaplike teorieë. Hoewel daar 'n mate van eenstemmigheid heers oor wat wetenskaplike teorieë nie is, is so 'n eenstemmigheid nog uitstaande wanneer dit kom by die vraag wat 'n teorie dan wel is.

Dit is teen hierdie agtergrond dat Aronson se boek beoordeel moet word. Die boek wil 'n bydrae lewer tot die gesprek oor wetenskaplike teorieë en tog wil dit ook iets anders wees — 'n inleiding tot die wetenskapsfilosofie. Vir die doel is die boek in twee dele verdeel. Die eerste deel handel hoofsaaklik oor verskillende wetenskapsfilosofiese skole of benaderings. Aronson volg egter 'n probleemgeoriënteerde benadering in sy bekendstelling van hierdie verskillende skole. Die probleem waaroor dit gaan is die ontologiese status van wetenskaplike teorieë. Aronson behandel die ander benaderings dus aan die hand van hierdie probleemstelling en kritiseer hulle ook op grond van sy eie oplossing vir hierdie probleem. In deel twee kom Aronson se standpunt in besonderhede aan die orde.

Deel een word ingelui met 'n oorsig oor die verskillende benaderings tot die vraag na die ontologiese status van wetenskaplike teorieë. In hoofstuk twee word die leser aan die standaardopvatting (logiese positivisme) bekend gestel. Daarna volg 'n bekendstelling en kritiek van die deduktief-nomologiese benadering tot teorieë. Aronson noem hierdie twee benaderings die formalistiese een en onderskei dit van die kontekstuele benadering (5). Die belangrikste verskil tussen die twee benaderings is dat die betekenis van 'n teorie volgens die formalistiese benadering in die logiese struktuur van 'n teorie setel. Hierby kom die gedagte dat teoretiese terme geen betekenis het in isolasie van waarnemingsterme nie. Teoretiese terme word dus van waarnemingsterme afgelei. Een implikasie van hierdie opvatting is die ontkenning van die bestaan van teoretiese entiteite soos velde en atome. Formaliste reken dat sulke terme nie na "dinge" verwys nie, maar na meetbare effekte en dat hulle daarom instrumente is ter beskrywing van waarneembare prosesse. In kontekstualistiese kringe, daarenteen, word ontken dat die betekenis van 'n wetenskaplike teorie enkel en alleen van sy logiese struktuur afhang (5). Daar bestaan egter 'n verskil van opinie oor presies wat anders bepalend is vir die betekenis van 'n teorie. Sommiges (bv. N. Hanson) lê die klem op die psigologiesemantiese aspekte van 'n teorie, die feit dus dat 'n teorie 'n veelvlakkige taalsisitem is wat wetenskaplikes in staat stel om waarnemings te maak en waarnemingsdata in 'n omvattende interpretasieraamwerk huis te bring. Ander, soos Aronson, lê die klem op die feit dat teorieë afbeeldings van die werklikheid is. Aronson kan nie genoeg beklemtoon dat die betekenis van 'n teorie bepaal word deur die wyse waarop die teorie die werklikheid modelleer nie (5). Teorieë, so beweer Aronson, het 'n ontologiese dimensie wat nie wegverklaar of verinstrumentaliseer kan word nie.

In hoofstuk 3 onderneem Aronson 'n kritiek van die deduktief-nomologiese benadering tot teorieë. Aronson het veral die standpunt van Carl Hempel hier in gedagte. Hy kritiseer Hempel uitgaande van sy ontologiese stelling en formuleer die interessante opvatting dat verklaarings narratiewe weergawes van veranderinge in die objektiewe werklikheid is (58). Verklarings gee 'n beskrywing van die oordrag van 'n kwantiteit (bv. momentum, energie, hitte) vanaf die oorsaak na die gevolge. In hoofstuk 7 werk hy hierdie interessante opvatting verder uit. Die kern van die saak is s.l. die stelling dat "die aard van 'n verklaaring van die soorte entiteite, eienskappe en interaksies wat teoreties geïdentifiseer is, afhang" (164).

In hoofstukke 4 en 5 skenk Aronson aandag aan Hanson en Kuhn se onderskeie kontekstuele benaderings. In sy beoordeling van die kontekstuele benadering maak Aronson 'n belangrike punt teen kontekstualisme. Sowel Kuhn as Hanson se benaderings steun op beginsels uit die "Gestalt"-psigologie (81 vv). Hiervolgens is dit nie vir 'n waarnemer moontlik om te weet wat hy sien as hy nie 'n teorie het wat aandui wat alles sienlik is en wat nie. Dienooreenkomsdig is waarneming die toepassing van teoretiese begrippe; waarneming is teoriegelade. Aronson argumenteer dat hierdie opvatting 'n belangrike onderskeidiging verkeerd interpreteer, t.w. die onderskeidiging tussen *sien* en *sien dat*, ofte wel *sien₁* en *sien₂*. *Sien₁* is wanneer verskillende waarnemers dieselfde ding sien sonder dat hulle albei "weet" wat dit werklik is wat hulle sien (bv. die oningesigte en die spesialis sien albei die wit kol op die X-sdraai foto). *Sien₂* is wanneer 'n waarnemer weet dat die wit kol wat hy sien 'n patologiese toestand vertoeft. Volgens Hanson speel *sien*, geen rol in die

wetenskap nie en bepaald nie by die inwinning van wetenskaplike inligting nie (93). By waarneming gaan dit volgens kontekstualiste om die toepassing van begrippe eerder as die maak van logiese afleidings m.b.v. wette. Hieroor het Aronson sy bedenkinge. Hy argumenteer enersyds dat sien₁ wel informatief kan wees en andersyds dat die toepassing van begrippe nie 'n wesenlike aspek van waarneming is nie (94). Die kern van sy argument is dat sien₂ behoorlik verstaan kan word slegs indien dit ontologies verstaan word (95). M.a.w. 'n waarnemer sien dat X, slegs omdat X in feite die geval is, bestaan.

In deel twee verdedig Aronson die stelling dat die wetenskap en wetenskaplike teorieë in die besonder, vanuit 'n ontologiese perspektief benader moet word. Hy behandel die volgende drie temas ter illustrasie van sy ontologiese stelling: die bevestiging van hipoteses (hoofstuk ses), verklaring (hoofstuk sewe) en die reduksie van teorieë (hoofstuk agt). Aronson argumenteer dat 'n teorie as bevestig geld indien die voorspellings wat dit voortbring, teen 'n hoë waarskynlikheidsgraad geluk (137 vv). Oor verklaring het ek reeds gehandel. Met die reduksie van teorieë bedoel Aronson dat alle teorieë uiteindelik herlei moet word na 'n onderliggende teorie oor wat daar is, ofte wel, 'n ontologie (209 vv). Aronson is verbind tot die standpunt dat daar slegs 'n klein aantal onherleibare entiteite bestaan wat die basis vorm vir die meeste ander (sekondêre) entiteite. 'Eenvoudige voorbeeld van ontologiese reduksie is die reduksie van gasse, vloeistowwe en vastestowwe tot atome wat hulle ooreenkomsdig bepaalde wette (bv. die van Newton) gedra (109). Ander meer omstredre herleidings is bv. die herleiding van die menslike verstand ("mind") tot die menslike brein, of die herleiding van organiese tot anorganiese elemente.

Dit is moeilik om Aronson se boek te beoordeel, hoofsaaklik omdat hy 'n tweeledige oogmerk met die boek het wat m.i. nie gebalanseerd uitgewerk word nie. Aronson beredeneer 'n baie interessante standpunt oor die aard van wetenskaplike teorieë en huis dit gee daartoe aanleiding dat sy verduideliking van alternatiewe standpunte deurtyd polemies en bevooroordelik is. Dit veroorsaak dat sy werk as 'n inleiding tot die wetenskapsfilosofie waarde moet inboet. 'n Verdere beswarende oordeel wat die inleidende karakter van die boek betref, is dat die tema te tegnies vir 'n inleidingswerk is. Plek-plek veronderstel die skrywer 'n bekendheid met sowel die propositionele as die predikaatlogika. Die boek is m.i. dus eerder geskik as 'n navorsingsbron vir nagraadse studie en behoort op daardie viak uiters stimulerend te wees.

C F VAN HEERDEN
Universiteit van Port Elizabeth

Kunsgeskiedenis/History of Art

RHODA LEVINSOHN, *Art and craft of Southern Africa. Treasures in transition*, Craighall: Delta Books 1984.

Dit is 'n opvallende verskynsel in Suid-Afrika dat ons nog so weinig weet en verstaan van die kulture van die inheemse volke. Hierdie gebrek kom pynlik na vore as 'n mens na boeke of artikels soek oor die onderwerp. Koffietafelfotoboekie is daar genoeg, ja, maar diepgaande studies uitsaars. En tog moet daar heelwat nagraadse studies by ons universiteite verskyn. 'n Mens sou graag wou sien dat dié studies gepubliseer word.

Onlangs het 'n nuwe boek oor Swart handewerk verskyn en dit word in die lig van die behoefté aan publikasies op die terrein baie verwelkom. Die outeur, Rhoda Levinsohn, is 'n bekende skryfster oor die onderwerp en in haar boek, *Art and craft of Southern Africa*, gee sy 'n oorsigtelike beeld van die sogenaamde tradisionele handvaardighede van die Swart volke in die sub-kontinent.

Die waarde van die boek lê veral in sy balans tussen oorsigtelikheid en seleksie. Levinsohn moes noodwendig 'n keuse maak uit die tientalle kategorieë van handewerk wat deur Swartes verrig word. As voorbeeld het sy die volgende tipies gekies: stat- en hutbou, mandjiewerk, pottebakery, kleding, en kralewerk. Dit is waarskynlik die uitings wat by die algemene publiek die bekendste is en dit maak die inhoud van die boek gevoldiglik maklik veteerbaar. Tog skuil hier 'n gevaaar in, en wel een wat sy self aandui (pp. 19–21), naamlik dat 'n bepaalde aksentplasing deur Blanke ondersoekers, skrywers en kopers, die inheemse handewerk in 'n bepaalde rigting stuur. Levinsohn noem die voorbeeld dat Blanke belangstelling in versierde mandjies by die Zoeloës geleë het tot groter kleurvolheid en ryker patronen. (p. 66) Sy erken egter dat kultuur as 'n proses beskou kan word en dat akkulturasie 'n positiewe invloed kan hê en lei tot nuwe aanpassings. Daar bestaan ewenwel besliste gevare in hierdie proses, byvoorbeeld dat kommersiële sukses kan lei tot 'n afname in belangstelling by die Swartes om tradisionele voorwerpe te maak. Verder word laasgenoemdes natuurlik bedreig deur die oënskynlike gerief van industriële voorwerpe wat die tradisionele mettertyd vervang. Levinsohn wys deurgaans op hierdie en soortgelyke probleme en dit is dan ook een van die aktuele sake wat sy in haar boek aanroer. Die vraag is of sy self nie ook 'n "manipulerende" rol in dié verband speel nie, deurdat sy net op visueel-treffende voorwerpe konsentreer.

Die opvoedkundige oogmerk van die boek blyk duidelik uit die sinvolle oriëntasie wat Levinsohn aan die leser bied. In die eerste hoofstuk, The people: Their homes and habitat, plaas sy die onderwerp in 'n geografiese konteks deur middel van kaarte en 'n beskrywing van die nedersettings en hutbou. Hierdeur kry

die leser terselfdertyd 'n idee van die kulturele verbande waarin die handewerk beoefen word. Die oorsig is egter taamlik oppervlakkig en verwysings na die nie-fisiese deel van die kultuur is skaars. Dit geld ook vir die res van die boek. Daar word gekonsentreer op artefakte en dit bly onduidelik of daar verbande bestaan met byvoorbeeld danse, voordragte en musiek. Die kulturele eenheid kry gevoldiglik nie voldoende aandag nie, met die gevolg dat die afleidings ook nie genoegsaam geverifieer kan word nie.

Elke hoofstuk begin met 'n historiese verkenning, wat met ou prente uit die 18de en 19de eeu geïllustreer is. Dit gee 'n beeld van die soort aandag wat Blankes vir die inheemse volke gehad het en bied vir Levinsohn geleentheid om die veranderinge in vorm en gebruik van die voorwerpe aan te duif. In elke hoofstuk kies sy verteenwoordigende voorbeeldie by die verskillende volke om die onderwerp te illustreer. 'n Mens vind hier nie alleen die beskrywing van die tegniek, materiale en die vorm nie, maar ook verwysings na die gebruik en betekenis van die voorwerpe. Duidelike foto's (baie in kleur) bring die voorwerp tot lewe. Meeste afbeeldings toon die voorwerp in sy alledaagse konteks en so spreek die foto's soms sterker as die teks. Hoe kan dit anders?

Die lewendigheid van die afbeeldings weerspieël dieselfde wakker gees wat spreek uit die teks. Levinsohn het 'n gemaklike skryftrant en sy neem die leser op oortuigende wyse saam op haar toere. Plek-plek verwys sy na wat sy nog oorlangs gevind het, of hoe die stand van sake vandag is, en daardeur wen die boek aan aktualiteit. Die boek is vir vandag geskryf. Dit blyk ook uit die feit dat geen sogenaamde "museum"-foto's gebruik is nie en dat die aantekeninge agter in die boek tot 'n minimum beperk is. 'n Naslaanwerk is dit nie, eerder 'n situasieseskrywing wat ryk is aan inligting en tegelykertyd verskillende probleme aan die orde stel.

Met die ryk skatte van die inheemse handewerk beleef ons moontlik dieselfde verskynsel as die mense by die kus wat in die binneland gaan vakansie hou, terwyl binnelanders kus toe trek: wat naby en alledaags is, word minder waardeer as die seldsame, moeilik-bereikbare. Is dit die rede waarom Levinsohn, wat in Cleveland, Ohio, woon, die inheemse "arts and crafts" vir die eerste keer samevattend en oorsigtelik moes beskryf?

G M VAN DER WAAL
Sentrum vir Kunshistoriese Navorsing, RGN

FRIEDA HARMSEN, *Looking at South African Art, a guide to the study and appreciation of art*, xiv + 341 pp., illus., J.L. van Schaik, Pretoria, 1985, R39,50.

Hierdie werk, wat blyk gee van 'n leeftyd se vergaarde kennis en insig, se hoofuitgangspunt is om aan die leser te verduidelik waarop by die aanskou van Suid-Afrikaanse kunswerke gelet moet word. Die skryfster stel haar in die plek van die belangstellende amateur, wat dikwels met 'n mate van verbystering in 'n kunsmuseum of by 'n uistalling rondstap. Harmsen probeer om juis hierdie kunsliefhebber te help. Alhoewel die verduidelikheds eenvoudig en begryplik is, is daar nogtans nie 'n sweem van meerderwaardigheid of neerbuigendheid nie. In die teks tref 'n mens telkens aanmoediging, vrae en kort opdragte aan wat die leser dwing om deel te word aan die oefening van kunswaardering.

Die skryfster is nie net goed in die sogenaamde historiese en realistiese kuns onderlê nie, maar is ook heeltemal tuis in die talle latere kunsneigings. Dit is geen geringe prestasie nie. Daarbenewens is Frieda Harmsen nie bevooroordeeld nie; haar weetenskaplike objektiwiteit is byvoorbeeld duidelik in haar benadering van die rol wat Roworth in Suid-Afrika se kunsonontwikkeling vervul het. Haar beoordeling van die sogenaamde "Nuwe Groep"-kunstenaars is op dieselfde wyse onbevange. Sy is egter hier versigtiger om 'n oordeel te vel omdat dit eers later ná tyd die nodige afstand gebring het, verkry kan word. Dit is interessant om daarop te let dat Harmsen haar nie uitlaat oor die mees onlangse kunstenaars nie. Hierdie taak is aan 'n jonger kritikus, Joey de Jager, oorgedra. Ook hierdie skryfster verklaar die meer moderne werke duidelik en met begrip. Die werk bevat ook 'n afsonderlike oorsig deur Katinka Kemppf van museums en kunsgalerie in Suid-Afrika wat 'n welkomme aanvulling is.

In die werk as geheel wordveral aandag aan vergelykings tussen soortgelyke kunswerke geskenk. 'n Voorbeeld hiervan is die ruiterstandbeeld van Generaal Botha en De Wet en die verskil in benadering van die natuur tussen kunstenaars van die verskillende bevolkingsgroepes in Suid-Afrika. Aanbevelingswaardig is Frieda Harmsen se bespreking van openbare skilder- en beeldhouwerke en die probleme wat hulle voordoen by die keuring deur komitees en die waardering daarvan deur die publiek. Dikwels word gevind dat albei hierdie groepes weier om die nodige inspanning te doen wat vir die waardering van kunswerke noodsaaklik is.

Dit is verblydend dat sekere aspekte van die fotografie in die werk as kuns gereken word. Ook die toegepaste kuns word onder die loep geneem. Hier word duidelik onderskeid getref tussen wat wel as werklike kuns beskou kan word en wat nie. Dit is baie belangrik, want die breë publiek vind dit dikwels baie moeilik om te besef dat daar 'n lyn lê tussen *kuns* en *kitsch*.

In die tweede deel van die werk word die kunshistoriese aspek bespreek. Waar in die eerste deel op

verduidelikings en die gebruik van beskikbare tegnieke gekonsentreer is, is die uitgangspunt in hierdie deel die kunswerke self. Die teks bevat ook uitvoerige verwysings na studiebronne wat vir verdere selfstandige studie nuttig is. Daarbenewens word aangedui waar die gevaar van onnoukeurighede hom kan voordoen en 'n aantal foute uit vroeëre werke wat dikwels in latere werké herhaal is, word reggestel. Die skryfster spaar haarself nie; op humoristiese wyse word vertel van 'n aantal gevalle waar ook sy misgetas het. Dit is egter hier noodsaklik om daarop te let dat dit juis die soms kortsigtige houding van besitters van dié se naasbestaandes is, wat navorsing op kunshistoriese gebied soms ernstig knou.

Veral verblydend in die werk is die dikwels kleiner, onbekende besonderhede van 'n kunstenaar of 'n werk wat bespreek word. So leer 'n mens byvoorbeeld dat die kleurryke kunstenaar, Walter Battiss, 'n werye leser was en boeke verslind het.

Frieda Harmsen het met hierdie werk die Suid-Afrikaanse gemeenskap 'n belangrike diens bewys. Die belangstelling en voorkeur van die gemiddelde man neig dikwels ongelukkig nog tot sentimentele prentjies eerder as tot die vitale werk van ons eersterangse kunstenaars. Onvermydelik sal die vraag gestel word of hierdie werk, 'n leerboek in die beste betekenis van die woord, meer vir hoëskoolleerlinge, kollege- of universiteitstudente, geskik sal wees. Eintlik maak dit nie saak nie. In wese is die boek bedoel vir enige wat meer van die Suid-Afrikaanse kuns en kunsgeschiedenis wil weet en wat moete ondervind met die waardering van werke wat in museums en by kunsuitstellings te sien is. Vir die deskundige mag die gegewens in die werk verval, bekend wees, maar Harmse se benadering is so persoonlik en verfrissend dat selfs hierdie groep baat kan vind by die beredenerings en indeling van materiaal wat hier toegepas is. Frieda Harmse het met hierdie voortrefflike werk die kuns en kunsgeschiedenis van Suid-Afrika in 'n neutedop vasgevat. Die boek is onmisbaar in enige vorm van kunsonderwys.

F G E NILANT
Professor Emeritus, Universiteit van Pretoria

S G KOSSICK, *Insights, Selected Essays of Heather Martienssen*, 196 pp., Ad Donker, Johannesburg, 1984, R19,95.

Teorie is waardevol, maar dit kan nooit meer as 'n klein onderdeel van kunsgeschiedenis wees nie. Dit vind ons bevestig in die vyftien opstelle deur prof. Martienssen, wat sorgvuldig uitgesoek is deur dr. Kossick. Hier word niks gesê wat nie deur feite en voorbeeldle gesteun kan word nie.

Die opstelle in die werk omvat uiteenliggende onderwerpe. Aandag word aan die Antieke Griekse en Romeine, die Renaissance, die Barok en Romantiek, Vitruvius, Rodin asook Suid-Afrikaanse kunstenaars gegee. Die opstelle het oorspronklik verskyn in wetenskaplike tydskrifte, boeke en as inleidings tot uitstellingskatalogi. Drie opstelle is studieonderwerpe wat as gevolg van prof Martienssen se dood in Mei 1979 onvoltooid gebly het. Hierdie drie hoofstukke is veral 'n bewys van wat kon gewees het as aan haar meer tyd gegun was om as navorsing te bestee. Die opstelle bevestig weer eens die uitgebreide kennis waaroor Martienssen beskik het en wat haar in staat gestel het om van een wyduiteenliggende onderwerp na die ander met gemak te beweeg.

Teoretiese besprekings neig dikwels tot 'n sekere stroefheid met definisies wat onduidelik en slordig gestel word. Prof. Martienssen was hiervan deeglik bewus en daar is geen teken hiervan by haar opstelle te bespeur nie. Eerder is daar blyk van 'n verfrissende benadering deur 'n persoon wat nie net 'n wye kennis gehad het nie, maar wat ook diep nagedink het en oor voldoende wysheid beskik het om daardie kennis te verwerk en aan die leser oor te dra.

Dit is opvallend dat hierdie opstelle feitlik almal met 'n lang inleiding begin waarin alles wat moontlik op die betrokke onderwerp van toepassing kan wees, bespreek word. Eers daarna kom die onderwerp self ter sprake. Soms wonder 'n mens selfs of die inleiding nie die belangrikste aspek van elke opstel was en of die onderwerp slegs die aanleiding daartoe was nie. Martienssen is deurentyd ernstig oor die onderwerpe; sy spot nie en gee ook nie aanstoot nie. Dikwels tref 'n mens egter 'n tipe humor aan wat die teiken tref.

Dit is opvallend hoe prof Martienssen telkens in die opstelle terugkeer na die begrip gelykemnis of imitasie. Een van haar onvoltooide boeke sou huis die titel "The limits of likeness" gehad het. Die taak van die kunshistorikus word voorts duidelik in haar opstelle omlyn, bv. in "Aesthetic judgement and the art historian". Sy onderskei noukeurig tussen kenner en spesialis, amateurskap en waardige akademiese dissipline, kunswaardering, kunsgeschiedenis en kunstteorie. Sy waarsku egter dat akademiese opleiding ook wel deeglik opleiding in waarde-beoordeling behoort te omvat. 'n Voorbeeld van so 'n persoonlike beoordeling blyk duidelik uit die bespreking van Bernini se *Visie van St Theresa*. Haar siening is oorspronklik ten spyte daarvan dat die werk reeds tevore veelvuldig elders beoordeel is.

Die gebruik van die woord Barok ten aansien van musiek hinder prof. Martienssen blykbaar. Haar

argument is duidelik en ek glo dat dit meer 'n geval is van nuanse en dat sy die begrip moontlik 'n bietjie te drasties gestel het. So is m.i. ook haar siening omtrent die leeslus van kunstenaars en gevoglike kwaliteit van hulle werk, nie heeltemal gegrond nie. Haar eie kritiek is hier en daar nouliks meer as 'n waarskuwing en sy hou haar ook nie op 'n afstand van die leser of probeer om neerbuigend didakties te wees nie. Sy besef dat sy self deel is van die geheel en dat, wat gesê word, ook op haarself van toepassing is. As daar iemand is wat daartoe bygedra het om kunsgeschiedenis in Suid-Afrika op 'n wetenskaplike peil te bring, is dit sekerlik prof. Martienssen.

Die boek is netjies uitgegee. Die druk kon noukeuriger gewees het, sodat letters en lettergrepe nie telkens bo die lyne uitspring nie.

Die samesteller het goeie werk gedoen deur hierdie verspreide opstelle weer saam te bring. Die boek behoort deur elke dosent in kunsgeschiedenis of kunsopleiding met aandag gelees te word en dit behoort voorgeskryf te word vir die meer gevorderde student. Maar ook vir die belangstellende publiek is hier 'n hoogs verfynde bron wat tot besef en insig bring. Wat meer kan van wetenskaplike werk verwag word?

F G E NILANT
Professor Emeritus, Universiteit van Pretoria

Skoolmetodiek/School method

NIC DREYER (Redakteur), *ABC vir Geskiedenisonderrig*, Academica, Pretoria en Kaapstad, 1984, 255 pp., Bronnelys, R24,95 + AVB.

ABC vir Geskiedenisonderrig is 'n boek oor die metodiek van Geskiedenis wat in 'n noodsaklike behoefté voorsien. Daar word waardevolle wenke gegee wat veral deur die jong en onervare onderwyser met vrug be nut kan word terwyl hy nog besig is om 'n eie onderrigstyl te ontwikkel.

Die boek is gebaseer op kernaantekeninge wat deur wyle dr. B.J. van der Merwe oor etlike jare heen gebruik is in die opleiding van aspirant-Geskiedenisonderwysers. Dit is daarom onverklaarbaar dat daar nie 'n hoofstuk is oor die waarde van Geskiedenis as skoolvak nie. As 'n mens deeglik bewus is van die waarde van Geskiedenis as skoolvak, moet dit noodwendig 'n invloed uitoefen op 'n mens se onderrigpraktyk.

Die groot leemte in die boek is egter die feit dat dit 'n tradisionele benadering volg, sonder dat daar werkelik sprake is van vernuwing. Die debat oor die taksonomie van geskiedenisdoelwitte word byvoorbeeld nie eens aangeraak nie. Trouens, daar word nie eers 'n onderskeid getref tussen doelstellings en doelwitte nie. In enige metodiek-handleiding behoort doelwitstelling 'n prominente plek in te neem.

Ook die afdeling oor probleemstelling kon meer spesifiek gewees het. Daar is 'n groot behoefté aan leiding t.o.v. probleemstelling omdat dit die hooeksteen vorm van enige goeie les (in alle vakke).

Die afdeling oor die verskillende onderrigmetodes weerspieël ook die tradisionele benadering. Al die tradisionele metodes wat bespreek word, behoort egter sekondêre metodes te wees. Die primêre metode in Geskiedenis behoort die heuristiese of probleempolossende metode te wees. Hierdie metode word nie bespreek nie.

Die afdeling oor evaluering bring ook weinig nuwe insigte. 'n Mens sou verwag dat groter klem geplaas sou word op die didaktiese kriteria vir evaluering. Ook wat die voorbeeldie betref sou 'n mens doelgerigter leiding verwag.

Samevattend kan gesê word dat dit 'n bruikbare boek vir die beginner is, maar dat dit vir die meer ervare onderwyser weinig nuwe insigte sal bring.

C P WRIGHT
Transvaalse Onderwysdepartement

Afrika/Africa

K SMITH EN F J NÖTHLING, *Africa North of the Limpopo. The imperial experience since 1800*, University of South Africa, Pretoria, 1985, 437 pp., kaarte, bibl., R28,00 + AVB (Gelykydig verskyn as: *Afrika Noord van die Limpop. Die imperiale wedervaringe sedert 1800*).

Min Suid-Afrikaanse historici het hulle tot dusver gewaag aan die skrywe van 'n algemene werk oor die geskiedenis van Afrika. Die werk van K Smith en F J Nöthling: *Africa North of the Limpopo. The Imperial experience since 1800* (Unisa, 1985) is dus 'n welkom nuwe verskynsel uit die pen van twee historici wat lank reeds besig is met die bestudering van Afrika. Wat hierdie werk ook merkwaardig maak, is dat dit selfseldertyd in beide landstale beskikbaar is.

Soos die titel aandui, is die werk toegespits op die meer resente geskiedenis van Afrika, d.w.s. die negentiende en twintigste eeu. Daarby val die klem ook duidelik op die rol van die Europeërs in Afrika en nie soseer op die Afrikane en "hulle geskiedenis" nie. T.o.v. die tydperk behandel, kan die werk vergelyk word met die werke van R Olivier en A Atmore: *Africa since 1800*; H A Gailey: *History of Africa from 1800*

to present en R W Hull: *Modern Africa. Change and Continuity*. T.o.v. inhoud is die fokus van die meeste van bogenoemde werke egter sterker op die ervaringe van die Afrikane gerig as wat in die werk van Smith en Nöthling die geval is.

Africa North of the Limpopo is in twee dele verdeel. Deel 1 dek die periode vanaf 1800 tot aan die einde van die verdeling van Afrika (vroeg twintigste eeu). In hierdie afdeling – 7 hoofstukke in totaal – word die Europese kontak met en indringing in Afrika vanaf 1800 behandel en kry ons 'n goed gebalanseerde weergawe van die gebeure. Die leser word stap vir stap ingevoer in die Europese toenemende betrokkenheid in Afrika tot die klimaks bereik word met die verdeling van Afrika. Dit is jammer dat die skrywers nie aan die einde van hoofstuk 1 of ter inleiding tot hoofstuk 2 'n kort samevattende uiteensetting gegee het van die faktore wat die Europeërs vanaf die einde van die agtende eeu al hoe sterker in Afrika betrokke laat raak het nie. Dit sou baie meegehelp het om die leser vandie begin af op die hoofstema van deel 1 te laat toespits.

Die verdeling van Afrika vorm die kern van hierdie deel van die werk. Vier uit die sewe hoofstukke word daaraan gewy – én dit is vier goeie hoofstukke. Die faktore en die verdeling self, met al die onderlinge wedwywinging tussen regerings, militêre bevelvoerders, konsuls en handelsmaatskappye word netjies bespreek en ontleed sodat die leser nooit verstrik raak in detail en verwarrende gebeure nie. Tog is die behandeling nie so oorsigtelik en vereenvoudig dat die ingewikkeldhede van die gebeure verlore gaan nie. 'n Mens mis hier egter 'n fyner ontleding van die werkinge van imperialisme – die rol bv. van sendelinge en Afrikaleiers as "agente" van die groot imperialiste.

Deel 2 van die werk behandel die geskiedenis van Afrika in die twintigste eeu met klem op twee hooftemas: Europese koloniale beheer en dekolonisatie. Die gebruiklike onderwerpe soos koloniale beleide en die toepassing daarvan asook die probleme wat daaruit voortgespruit het, word behandel. Wat egter dadelik opval, is dat koloniale beleid en beheer as 'n dinamiese proses aangebied word wat vanaf die beginjare deur verskeie kragte o.a. twee wêreldoorloë ten sterkste beïnvloed is. Die skrywer toon duidelik aan dat koloniale beheer nie stagnant was nie, maar oor die jare heen ontwikkel het. Dit is net jammer dat die rol van die Afrikane in die proses so kortlik aangeraak is. Meer aandag daaraan sou hierdie behandeling van die koloniale tydperk, wat andersins puik gedoen is, nog stewiger gemaak het.

Die dekolonisatie van Afrika word in een lang hoofstuk (12) bespreek hoewel die aanloop daartoe reeds uit die vorige hoofstukke opgebou word. Oor die algemeen is die proses van dekolonisatie goed gedoen. Dit is jammer dat die begrip Afrikanasionalisme eers in hoofstuk 13 behandel word, want dit speel 'n kardinale rol in die dekolonisieproses. Die leser maak eers daarmee kennis nadat hy die hoofstuk oor dekolonisatie klaar gelees het. Die skrywer ontwyk in 'n sekere sin ook die probleem rondom die onafhanklikwording van Afrika nl. of die koloniale moondhede hul kolonies gedekoloniseer het en of die Afrikanasionaliste onafhanklikheid afgedwing het.

Nieteenstaande die enkele punte van kritiek moet Smith en Nöthling met 'n deeglike en goedgebalanceerde werk gelukgewens word. Die struktuur van die werk is stewig en die interpretasie van die stof getuig van diepgaande kennis van die bronne en van 'n besadige akademiese oordeel.

Die boek is bedoel as 'n voorgeskrewe werk vir voorgraadse studente en behoort groot inslag te vind. Dit lees maklik; die voetnote en bronnelys lei die student na 'n verskeidenheid van ander bronne en die kaarte plaas heelwat gebeure in geografiese perspektief. 'n Indeks aan die einde sou naslaanwerk aansienlik vergemaklik het. Die prys van R28,00 plus AVB is uiters billik vir die goeie waarde wat die student daarvoor kry.

H J VAN ASWEGEN
Randse Afrikaanse Universiteit